E phela e nna mo metsing; e na le digwêtê tse di tshwanang le tsa 'diatapole'. Kamoo, ke gore ke tsole diaparo tsaaka, ke tsene mo bodibeng ba nôga,<sup>(2)</sup> ke se bone metlang, ke yo ntsha digwete tsa teng. Dit ka nna masome a mararo mo teng ga metsi. Kamoo ke tliilo di ba'a, tse dingwe di oma.

Segwete se sengwe sa teng nka nna ka se epela fa motsweding wa metsi gore se tlhoge teng, e tle e re ge ke se batla ke se bone ka bogaufi.

Ge o se tlhabela jaaka lephutshe, se tla tshwana le lephutse ka kwa teng, se le sesetlha.

Ge or se nositse motho o bo o nne le kitso ya ditlhare. Ke gore ene motho ó o tliil'o go botsa dilo tse di makatsang. Ke gore go ka mo tsa'a kgwedí a ntse a go botsa a re: "Se ke eng, se ke eng?" se o eseng, o se mmontshe gore ke setlhare.

Kamoo ge, kitso ya gagwe e okeditswe ke badimo ba mo fileng kitso e e makatsang.

As ek iemand leer om *ngaka* te word, dan het hy nie (sy studie) voltooi en is hy nie *ngaka* as ek hom nie eers laat drink<sup>(1)</sup> het nie. En ek gaan hom laat drink met 'n aasvoël. Ek neem sy hart en medisyne. Hulle noem die plant: *Molêlêmêdi*.

Die (plant) leef en bly in die water; hy het knolle wat lyl soos ertappels. Daarom moet ek my klere uittrek en in die kuil van die slang afdaal<sup>(2)</sup>, en die stingels van die plant vind sodat ek die bolle daarvan kan gaan uithaal. Hulle kan tot dertig wees in die water. Daarom sal ek party wegsit om droog te word.

Die een bol van die plant kan ek by 'n waterfontein plant sodat dit daar groei, sodat wanneer ek dit nodig het ek dit in die nabyheid kan vind.

As jy dit stukkend sny soos 'n pampoens, dan lyk dit soos 'n pampoens, nl. geel van binne.

As jy iemand hiervan laat drink het, dan moet jy kennis hê van medisyne - plante. Want hierdie mens gaan vir jou dinge vra wat verbasend is. Dit kan naamlik vir hom 'n maand lank neem wat hy net vir jou vra: "Wat is hierdie, wat is hierdie?" nl. wat jy nog nie vir hom gewys het dat dit medisyneplante is nie.

So is dan sy kennis verruim deur die voorvadergeeste wat aan hom kennis gegee het wat net wonderlik is.

---

(1) Die student moet middele drink tydens sy opleiding.

(2) Die geloof is dat daar 'n baie groot waterslang in so 'n diep kuil bly wat die *ngaka* moet opsoek tydens sy opleiding.

## A.2

Itse ge motho o a fetogileng tōta eleng ene o eleng ngaka. Se a se bolellang, itse ge e le sa boammaaruri.

Ge ke mo nosa, ke gore ke lokela ditaolo mo mafsing a kgomo a le mo mogopong o motona wa *Morula*.<sup>(3)</sup>

Ke tsentse pelo ya lenong e sedilwe e sa apewa e e neng e omile, mmogo le *Molêlêmedi* gammogo le lerole le ke tswang go let tsa mo lebitleng la rraagwemogolo, ene o ke mo nosang ó.

Go mo nosa lerole le, ke gore motho o lerole. Mme ge ke le tsa'a kwa lebitleng ke nosa o ke mo rutang, e tlaa be e le gore o tlaa bona rraagwemogolo mo torong ya gagwe, mme ené, mongwe wa badimo<sup>(4)</sup> ba'gwe, o tla mo kaela kaga sengwe le sengwe, jaaka ditlhare tse a tshwanetseng a alafa ka tsona.

Ke gone ke tla itseng gore motho o ke ngaka, ka a tla sala a rutwa, a gakollwa ke badimo ba gagwe.

More o *Molêlêmedi* o bonwa kwa Molopestat, kwa Boons mo bodibeng ba noga. Ga bo kgale.

O ke mo nosang, ke tshwanetse go mo naya letlhogonolo. Mme ke a le mo naa kan motlhatsiso wa noga. Bogolo thata ke rata dinoga tse di kgolo tse, jaaka tlhware, kampo *phika*, kampo e tona e e nang mo dikgageng: *Mamogaswa*.

Weet dan dat die mens wat waarlik verander het, hy is 'n *ngaka*. Wat hy sê moet jy weet dat dit die waarheid is.

As ek hom 'laat drink', dan meen dit dat ek die dolosse in beesmelk plaas wat in 'n groot maroela<sup>(3)</sup>-houtbord is.

Ek het die hart van die aasvoël ingesit wat rou tot 'n poeier gemaal is aangesien dit gedroog was, saam met die *Molêlêmedi* (waterplant) en ook saam met die stof (grond) wat ek gaan haal het by die graf van die oupa van hierdie een wat ek laat 'drink'.

Om hom hierdie stof (van die graf) te laat drink, is omdat 'n mens stof is. En as ek dit by die graf neem en die een wat ek leer laat drink, dan is dit sodat hy sy grootvader sal sien in sy droom, en hy, (nl. een van sy voorvaders)<sup>(4)</sup> hom opdragte gee aangaande alles, soos medisynes waarmee hy moet genees.

So sal ek dan weet dat hierdie man 'n *ngaka* is, daar hy nog verder geleer sal word, en hy herinner sal word deur sy voorvadergeeste.

Hierdie waterplant *Molêlêmedi* vind mens by Molopestat, by Boons in die kuil van die slang. Die water droog nooit op nie.

Die een wat ek laat 'drink', vir hom moet ek 'n seën gee. En ek gee dit vir hom met die slangbraaksel. Ek hou veral van hierdie groot slange soos die luislang, of die *phika*, of die grote wat in die grotte woon: *Mamogaswa*.

---

(3) *Morula*: *Sclerocarya Caffra*. Sond., maroela.

(4) Hier is 'n mooi voorbeeld van hoe die Bantoe meen om in voortdurende verbinding met die afgestorwe voorvaders te wees, wat meestal in drome aan hul kinders verskyn, dog ook in visioene.

A 2

Motlhatsiso wa yona ke *malepolepo* fela a mangwe a matala, kampo a masetlha. Ge ke a bonye ke tla a tsa'a ke a omisa ke a tsena mo polokegong, ke tle ke a dirise motlhang ke a tlhokang.

Ge ke mo nositse, le ene o tllilo tlhatsa. Mme go rialo ke gore o ntsha lethogonolo go phedisa batho.

Go rialo ke gore a rurufalwe (5) ke kalafi ya gagwe, e tle e re ge a alafa batho ba tle ba fole; a phedise morafe.

Ge ke sa dire jalo, kagongwe ge a alafa batho a ka fitlhela ba pshamogile mo ene. (6)

Ge re ya mo nogeng ka mokgwa o, ke gore tshimologo ya motho ke noga mo popelong ya mmaagwe. Pele, ke seboko, se be se fetoga se nna noga. Mme Modimo o tla no o se tlatsa ka ditokollo tsotlhe mo marobeng a otlhe.

A re: "Fa ke matlho; fa ke 'tsebe; fa ke mabogo; fa ke maoto."  
Mme go nne jalo.

Ge motho a lora noga e le e ntsho, ke mosimane. Ge e le kake, ke mosetsana.

Sy braaksel is net 'n ander groenerige drillerigheid, of ook geel. As ek dit raakloop dan neem ek dit, droog dit en sit dit op 'n veilige plek, sodat ek dit kan gebruik wanneer ek dit nodig het.

As ek hom laat drink het, dan sal hy ook braak. En as hy dit doen dan beteken dit dat hy seëninge te voorskyn bring om mense te laat lewe.

Dit beteken dat sy genesing moet afkoel (5) sodat wanneer hy dokter, die mense gesond kan word; dat hy die volk kan laat lewe.

As ek nie so maak nie sal hy miskien as hy mense dokter, vind dat hulle uit sy hande geglip het. (6)

As ons op hierdie wyse na die slang gaan, dan is dit omdat die mens na sy oorsprong 'n slang is in sy moeder se baarmoeder. Eers is dit 'n wurm, en dit verander dan in 'n slang. En *Modimo* sal dit dan aanvul met ledemate by al die holtes.

Hy sê: "Hier is oë; hier is ore; hier is arms; hier is bene". En dit is dan ook so.

As 'n mens droom van 'n slang en dit is 'n swarte, dan is dit 'n seun (wat gebore sal word). As dit 'n rindhals is, dan is dit 'n dogter.

---

(5) 'n *ngaka* moet altyd 'koel' wees en 'koue' hande hê om te kan genees. Hierdie 'koue' slange is dan net die ideale verkoelingsmiddel.

(6) Huile is dood terwyl hy hulle kon gehelp het.

## A.3

## GO RUTWA BONGAKA

(Kgatla: Modipane, Botswana  
7–12–55)

Ke rutiwe bongaka ka 1937 Ka ya kwa boPedi, ka nna teng ngwaga le kgwedi di le 9, mo dingakeng tse pedi:- Jakob Malatsi le Simon Malatsi. Ke ya go tsena kwa Jakob Malatsi mo tshimologong ge ke fitlha teng; ke nositswe bongaka kwa teng.

O na a nthekisa pôô kwa teng go ntirela ditaola le go nnoa bongaka. Pôô eo ke ne ka e reka diponto tse di 8. Pôô ya tlhabywa. Ka nosiwa ka pelo ya pôô ele, le letswalo la teng. Yanong ra simolla go ya kwa ditlhareng. Kwa ditlhareng ke ntshitse diponto di le 5, go funolo ditlhare.

Setlhare se se ne se tlhakanye le pelo ya pôô e ne e le Leswama, (1) kampô *Pelotheri* ka Sepedi. Ka Sengaka ke *Legwame*. Le *Sebatsane*, ka sengaka ke *Lejakalla*. Jaaka ge ke di nosiwa jaana, e ne e le go re ke ntshiwe mo tlhaloganyong e ke ne ke le me go yona, ke isiwe mo tlhaloganyong ya bongaka; ke seka ka tiholo ke baa le poifo le go lebala.

Ke diretswe lenaka la yona le le kafa 'tsogong la mmôgôtlhō. Ka bolellwa gore ke le letonanyana, lenaka le.

Ka boelwa ka direlwa ditaola di le nne, ka lenaka la letsogo le le jang. Ke sōna sekolo saka sa ntlha ge ke ruta bongaka.

## OM BONGAKA GELEER TE WORD

Ek het *bongaka*-onderrig in 1937 ontvang. Ek het na die baPedi gegaan en daar 'n jaar en 9 maande gebly, by twee dokters:- Jakob Malatsi, en Simon Malatsi. Ek het eers na Jakob Malatsi gegaan in die begin toe ek daar aankom; (hulle) het my die *'bongaka* daar laat drink.

Hy het daar vir my 'n bul verkoop om vir my dolosse te maak en om vir my die *bongaka* te laat drink. Daardie bul het ek vir £8 gekoop. Die bul is geslag. (hy) het my die bul se hart laat drink, asook die borsbeen. Toe kon ons begin met die medisyne. Vir die medisyne het ek £5 uitgehaal, om die medisyne 'los' te maak.

Die medisyne wat vermeng was met die hart van die bul, was *Cyphostemma puberulum* (1) Ook die *Sebatsane*-plant wat die *dingaka Lejakalla* noem. En waar ek hulle so moes drink was dit om my te verwyder van die opvattinge wat ek gehad het, en dat ek die *bongaka* opvattinge kon aanvaar; sodat ek nie meer bevrees sou wees of vergeetagtig nie.

Vir my is die linkerhandse horing reggemaak. Daar is aan my gesê: Hierdie is 'n manlike horing.

Toe is weer vir my vier dolosse gemaak, van die regterhandse horing. Dit was my eerste onderrig toe ek die *bongaka* bestudeer het.

---

(1) *Leswama, Pelotheri, Legwame:* (Pl. 480) *Cyphostemma puberulum* (C A.Sm.) Willd. en Drummond.

A.3

Ditlhare tse di dirileng lenaka ke:

*Leôpê*, (3) le tlhakantswe le  
*Mohotja* (4) le  
*Moupatladi* (5) le  
*Moetapele*, (6) di kopantswe  
le  
*Kgomela* (7) (ka sengaka) ke  
go re *Leobu*. Le  
*Senalatswii* (8) lerapô la  
*Molalathageng* (9), le  
*Mogobagoba* (10) kampô  
*Mogobadira*, le  
*Kgwadira* (11) le setlhare  
se gotweng:

*Marotobalwe* (12). *Marotobalwe*  
ke gore ngaka ga e batliwe; e tla bonwa  
gongwe le gongwe fela fa a tlhokofalang  
teng.

Letshwao la ngaka ke *seditse*: ke  
laetswe jalo. Gore molwetse kampo  
mang o o lwalang, a seke a botsa. Le  
kuane ya ditshipa kampo ya dipela.

*Ditaola* tse a di nthutileng ke:

*Moremogolo* (13), ke  
*Jaro*, ke  
*Kgadi* le  
*Kgatšane*.

Die middele waarmee die 'medisyne-  
horing' gemaak was is:-

die *Leôpê*-plant (3) vermeng met die  
*Mohotja*-plant (4) en die 'Weerligvanger'-  
plant (5) asook,  
*Thesium utile* (6)  
en 'n verkleurmanneljietjie (7). Ook 'n  
opblaaspadda (8) en die been van 'n  
mensgeraamte (9) en *Plectranthus*  
*cylindraceus* Hochst. ex Benth. (10)  
die visarend en die plant wat *Marotobalwe*  
genoem word. Laasgenoemde word gebruik  
sodat die *ngaka* nie gesoek moet word nie;  
hy sal oral gevind word waar hy nodig  
mag wees.

Die kenteken van die *ngaka* is die  
beesstertkwas: so is aan my gesê. Dat  
die kranke of enigeen wat siek is, nie  
hoef te vra nie. So ook die mus van 'n  
wildekat(velle) of van dassie(velle).

Die dolosse wat hy vir my geleer het is:

*Moremogolo* (13), is  
*Jaro*, is  
*Kgadi* en  
*Kgatšane*.

---

(3) *Leôpê*:

(4) *Mohotja*:

(5) *Moupatladi*:

(6) *Moetapele*: *Thesium utile* A.W. Hill.

(7) *Kgomela, leobu*: verkleurmanneljietjie.

(8) *Senalatswii*: opblaaspadda.

(9) *Molalathageng*: 'die ruigtelêer': 'n mens-geraamte of lyk.

(10) *Mogobagoba, Mogobadira*: (Pl. 346), *Plectranthus cylindraceus* Hochst ex  
Beth.

(11) *Kgwadira*: 'n visarend.

(12) *Marotobalwe*:

(13) Hierdie is die vier name van die hoofdolosse soos algemeen by Tswana-*dingaka*  
bekend.

## A.3

Ba mpoditse ba re: 'Gae la eno ke kwa kae? Ke ba reile ka re: Ke kwa Kgalagadi Mme ba nthuta ditaola di le nne. Ba re nka tla ka timelwa ke go laola le ba kwano kwa ga etsho, ge ba ka nthuta tse di ntsi tsa ga tlou.

Ke dule kwa teng ke rutilwe dithhare tse nne, kwa ntle ga ditaola, ele badisa ba me kampo dimêpê.

Ke rutilwe:  
*Lesisimogo* (14) le  
*Phakwe* kampo *Thukwane* (15)  
le  
*Kgwara* (16) le  
*Sejabaleki* (17).

Dithhare tseo di a kopanga di na *thabela* e e femelang ngaka.

Ba boela ba nthuta sa mala, sa go thubisa, ka *mafsi a Ngwôgô* (18). Ka ruta gore a kopangwa le bupi ba phaletse, kampo moroko wa lebêlêbêlê. Ke be ke a gadiké ke sena go a kopana le bupi boo. Go a gadika ke go tlosa bogale ba go bolaya motho.

Sa bobedi, setlhare sa mala ke *Morokolopodi* (19) kampo *Thagaraga* e tsibidu.

O a nowa mo mosading o setswalo sa gagwe se sa tsamaeng pila.

Mme le ge se tsama' pila, ke go re a o nwe gore se tsamae pila.

Hulle het vir my gevra: Waar is jou tuiste? Ek het toe vir hulle gesê: Dit is in die Kalahari. Hulle het my toe vier dolosse geleer. Hulle sê anders vergeet ek hoe om dolos te gooi tussen ons manne hier tuis, indien hulle vir my veel sou leer i.v.m. die olifant.

Ek het daar weggegaan nadat vier plante aan my geleer is, buiten die dolosse, nl. my oppassers of beveiligingspenne.

Ek is onderrig aangaande:  
die *Lesisimogo*-plant (14), en die *Phakwe*- of *Thukwane*-plant (15), *Pelargonium luridum* (16) en *Scilla lancifolia* (17).

Daardie plante word saamgevoeg en hulle word die 'beskermiddel' wat die *ngaka* beskut.

Hulle het my toe verder maag(medisyne) geleer, om die maag te laat werk met *Euphorbiamelk* (18). Ek het geleer dat dit vermeng word met mieliemeel, of met mannasemels. Dan moet ek dit braai nadat ek dit met daardie meel gemeng het. Om dit te braai is om die skerpte weg te neem wat 'n mens kan doodmaak.

Die tweede medisyne vir die maag is *Kohautia amatymbica* (19) of die rooi *Thagaraga*-plant.

Dit word gedrink waar 'n vrou se maandstondes ongereeld is.

En al gaan dit goed, moet sy dit drink dat dit goed kan gaan.

---

(14) *Lesisimogo*:

(15) *Phakwe, Thukwane*:

(16) *Kgwara*: (Pl. 508) *Pelargonium luridum* (Andr.) Sweet.

(17) *Sejabaleki*: (Pl. 535) *Scilla lancifolia* Bak.

(18) *Ngwôgô*: (Pl. 95) *Euphorbia ingens* (E. Mey) naboom.

(19) *Morokolopodi*: *Kohautia amatymbica* E & Z.

A.3

Digwere tsa teng di a tthathegwa.

Se tlhakangwa le monna o:

*Tshipi-di-bogale* (20)

Ke tsone!

Tshipi di bogale ge a tsena ke gore e gatolla mosadi. Gore a seke a 'gatwa', a sengwa ke ope o o sa n nang pila.

Erite ka 1941 ke fetetse kwa ga Mangwato, kwa motseng wa Šošong. 'No go le monna yo go tweng Mokêê kwa teng. Ke fetile ka itlatsa kwa go ene. Ka itlatsa ka £ di le 5. A nthuta setlhare se se gotweng:

*Lephutse-la-naga* (21) le

*Leruswa-la-naga* (22) le

*Lenôkô*. (23)

Yanong a boela a ntlatsa ka leswalô le le bidiwang *Molômômonate* (24) Ke gore o tshwanetse gore ge o bua le batho, ba natefelwe ke mafoko a gago. Le ge o alafa, gore ditlhare tsa gago di bee monate, di tsidifatse mmele wa batho.

Tse tharo tseo di a tthapisa. Di tthapisa motho yo o lwalang, gore a bolwetse bo sidilege. Ge ele ba Modimo kampo ele bo bo rometsweng ke batho.

A boela a nthuta *Ngwôgô*, e mapharanyana e (6'' hoog). E a tlhatsisa, go tlosa dikutlobotlhoko tse motho a ntse a di utlwa mo pelong kampo mo moeng.

Ka nna le ene dikgwedi tse nne.

Die bolle van hierdie plant word gekook. Dit word met hierdie 'kêrel' gemeng: *Sphedamnocarpus pruriens* (20)

Dit is die plante.

As die *Sphedamnocarpus* ook inkom, is dit omdat hy die vrou 'onttrap'. Dat sy nie 'getrap' en beskadig moet word deur enigiemand wat nie 'reg' is nie.

Ek het in 1941 gegaan na die Bamangwato, na die stat Šošong. Daar was 'n man wat hulle 'Mokêê' genoem het. Ek het toe gegaan en my (kennis) aangevul by hom. Ek het my aangevul vir £5. Hy het my die plant geleer wat genoem word:

'Die wilde pampoen' (21), 'die veld-

*Leruswa*' (22) asook *Lenôkô* (23).

Hy het my (kennis) toe verder aangevul met 'n kragmiddel wat genoem word 'Lekkermond'. Dit wil sê dat sodra jy met mense praat, moet hulle genoëe neem met jou woorde. En ook as jy genees, sodat jou medisyne aangenaam mag wees, dat hulle die liggame van die mense kan verkoel.

Daardie drie is om mee te was. Hulle was die kranke persoon, sodat die siekte kan bedaar. As dit ('n siekte) van God is, of ook as dit ('n siekte) is wat deur mense gestuur is.

Hy het toe weer vir my die kort *Euphorbia* plantjie se gebruik geleer. Dit laat mens opgooi, om droefheid weg te neem wat 'n mens aanvoel in sy hart of in sy gemoed.

Ek het toe vier maande by hom gebly.

(20) *Tshipi-di-bogale*: (Pl 340) *Sphedamnocarpus pruriens* (Juss.) Szysz.

(21) *Lephutse-la-naga*:

(22) *Leruswa-la-naga*:

(23) *Lenôkô*:

(24) *Molômômonate*:



A.3

Le ene *Tlhonya* (25) a tseba fela jalo mo *Molômômonate*.

Laboraro ka tsamaya kwa Molepolole kwa go monna, gotwe 'Raleso'. A nthuta ditlhare gape di le nne:-

*Mokokonare* (26) le *Ntige*. (27)

Di a kopana: ke leswalo le le jewang; ebile le a tlhapa. Le kopana le *Tlhonya*. (25)

A boela a nthuta:

*Nao-la-moloi* (28) le  
*Sejabaleki* (29) le  
*Moupatladi* (30)

gore go seke ga ba ope yo o ka go romelang sepe se se ka go tshwenyang. 'Base' ya tsona ke *Moumo*. (31)

Kana *Moumo* ke setlhare se se tona. Ke namane e tona ya pheko. Ke gore: ge o tseba mo gare ga batho, o nne namane e tona ya mothol

Se kopangwa le *Lesisimogô*, (32) se dubilwe ka mafura a *Senonori* (33). Ke phologotswana e e tshabang go lebella batho.

Kampo mafura a *setlhong*.

Die plant *Dicoma gerrardii* (25) het toe ook in die 'lekkermond' kragmiddel gekom.

Derdens het ek toe gegaan na Molepolole na 'n man genaamd 'Raleso'. Hy het my verder 4 plante geleer:-

*Mokokonare* en *Ntige*.

Hulle word saam gevoeg: en is dan 'n eetbare kragmiddel; en kan ook ritueel reinig. Hierby kom dan ook *Dicoma gerrardii* (25).

Hierna leer hy my toe:

*Brunsvigia radulosa* (28) en  
*Scilla lancifolia* (29) en  
'Weerligbinder'.

sodat daar niemand kan wees wat na jou iets kan stuur wat jou sal pla nie. Die baas van hul almal is die rooiblad-wildevy (*Ficus ingens*) (31).

Hierdie wildevy natuurlik, is 'n groot medisyne. Dit is 'n geweldige kragmiddel. D.w.s. as jy tussen mense kom, moet jy 'n 'bees van 'n mens' wees!

Dit word gemeng met *Lesisimogô* vermeng met die vet van 'n *Senonori*, 'n diertjie wat bang is om na mense te kyk.

Of die vet van 'n krimpvarkie.

(25) *Tlhonya*: (Pl. 538) *Dicoma gerrardii* Harv.

(26) *Mokokonare*:

(27) *Ntige*:

(28) *Nao-la-moloi*: (Pl. 391) *Brunsvigia radulosa* Herb.

(29) *Sejabaleki*: (Pl. 535) *Scilla lancifolia* Bak.

(30) *Moupatladi*:

(31) *Moumo*: *Ficus ingens*, rooiblad-wildevy.

(32) *Lesisimogô*:

(33) *Senonori*: 'n 'skamerige' diertjie wat bang is om na mense te kyk.



### A.3

Ke gore yo o maswe, ge a tla ko go wena, a ba a gonyella a boifa.

Fela jalo *Lesisimogô*: batho ba go boife. Mme ka *Molomo-monata* ba go rate.

Ke gore ditlhare tse di tlhakangwe, mme go dirwe leswalo le o tsamayang ka lona, go itshasa mo magwafeng.

O bo o latlhele mafuranyana a "gass"; ke gore a go romelwa tladi kampo kotsi engwe le engwe.

"Gass" e tliilo tshwara ditlhare tse go di tiisa gore di nne thata.

Monna yoo a nkopa kgomo kampo £7.10. Mme ka mo patela £8 ka fa ne ke itumeletseng ka teng. Ke ntse nae '7 months'.

Go tsweng foo, ke tsamaile ke alafa batho. Mme ka gakolla babangwe, mme le bone ba nkgakolla, go fitlhela kanjeno.

Dit wil sê: 'n slegte persoon wat na jou kom, moet wegkrimp uit vrees.

Net so ook die *Lesisimogo*-plant: die mense moet vir jou bang wees. Maar met 'die lekker-mond'-plant, moet hulle van jou hou

Dit wil sê hierdie medisynes moet gemeng word en daar moet 'n vetklont gemaak word, waarmee jy kan rondgaan, om jouself mee in die armholtes te smeer.

Dan moet jy ook 'n bietjie karbied-'vet' daarin gooi, vir die moontlike stuur van weerlig na jou, of enige ramp.

Die karbied sal hierdie medisynes bind, om hulle sterk en kragtig te maak.

Daardie man het my 'n bees gevra of £7.10. Ek het hom toe £8 betaal, omdat ek so bly was. Ek het sewe maande by hom gebly.

Van toe af het ek rondgegaan en mense gedokter. Ek het vir sommige wenke gegee en hulle net so ook vir my, tot vandag-toe.

### A.4

#### GO ITHUTA BONGAKA

(Kgatla, Math'kwane, Botswana 1953)

Ge motho a ithuta bongaka, a ka nna a tlhabela jaaka mo dithutong tse dingwe. O tlhoka dithata. Mme o o nang le dithata a ka ithuta go fitihella bokhutlong, a fetsa thuto.

Mo pheliong ya thuto, morutwana o tla tshwanelwa go tsena mo dithutong tse di makete, ge a na le gona. Ke gore o tla tshwanelwa gore a rutwe gore dilo tse di maswe a seke a di boifa. Ke gore pelo e be e sule, jaaka ge a ka phatlhola motho ka thipa, kampo a ya go tshwara dibata tse di boitshegang.

#### OM BONGAKA TE STUDEER

As 'n mens die *bongaka* bestudeer, kan dit gebeur dat hy tekortsiet net soos by ander studies. Hy ontbreek die nodige middele. Hy egter wat die middele het, kan studeer tot die einde toe en sy studies voltooi.

Teen die einde van die studie, sal die leerling die moeiliker onderrig moet ontvang as hy daarvoor kans sien. D.w.s. hy moet dan geleer word dat hy vir verskriklike dinge nie bang moet wees nie. D.w.s. sy hart moet dood wees (gevoelloos), net soos wanneer hy 'n mens oop klowe met 'n mes of hy sou gaan om skrikwekkende roofdiere te vang.

## A.4

O tshwanetse go *thaiwa* (1), le ngaka o a ithaa, go mmontsha tse di boitshegang, a le mo metsing, a sa tshabe. O tla ya go bona lege ele dinoga tse di tona, yona *Kgogela* (2) le kwena. Kampo o sega ka thipa, a tsaya *dipheko* (3) mo teng. Ga e re sepe ka motho, ka ba e *bolaille mogopolo*. (4)

E robetse fela. E fitlhela motho e le tsala ya yona.

Ba tla ba ba ipaakantse, — metsi a nna kgakala le bona ba ntse ba le mo ona. Ba tsena fela ba ipaakantse ka dipheko. Ba tsena mo magageng kwa tlase ga metsi. Ba tsena mo dinoga di nang teng.

Ke bona borre ba ba tsamaileng maloba. E ne e le bona dingaka. Ga se tse di buiwang fela. Kajeno ke bongakanya bo e seng ba sepe fela. Metlheng eo e ne e le bongaka tōta; bo ile le beng ba ôna. Ga ba sa tlhola ba le teng ka botlalo.

Hy moet “gedokter” (1) word, en ook “dokter” die *ngaka* homself, om aan hom die skrikwekkende dinge te wys, terwyl hy onder die water is, en nie bang is nie. Hy sal dan gaan om te gaan kyk selfs na die groot slange, nl. *Kgogela* (2) en krokodil. Of hy sny met ’n mes, en neem daar kragmiddele (3). Hy gee glad nie vir ’n mens om nie, daar hulle sy denke doodgemaak het. (4) Hy slaap net. Hy beskou die mens as sy vriend.

Hulle sal hulself gereed gemaak het — die water sal weg van hulle bly hoewel hulle onder die water sal wees. Hulle sal sommer ingaan nadat hulle hulself voorberei het met kragmiddele. Hulle gaan in die grotte onder die water. Hulle gaan in waar die slange woon.

Dit is my voorvaders wat nou reeds heen is. Hulle was *dingaka*. Nie die waaroor mens net praat nie. Vandag is dit sommer klein towery wat niks werd is nie. In daardie dae was dit regte towery; dit is egter daar heen, saam met die beoefenaars daarvan. Diesulkes is daar nie eintlik meer nie.

---

(1) *go thaya*: die handeling, van ’n mens of enige ding met ’n kragmiddel sterk te maak of te “dokter”.

(2) *Kgogela*: ’n baie groot slang wat in diep kuile bly en mense wat by die water kom, intrek en versmoor deur sy gesplete tong in só een se neusgate te druk.

Om van sý skubbe en slym te kry, en van die krokodil, beteken om baie kragtige ‘medisyne’ te hê.

(3) *pheko*: is die kragmiddel, eenvoudig of vermeng, wat die *ngaka* gebruik.

(4) *bolaille mogopolo*: ‘die denke doodmaak’, d.w.s. met middele die wilskrag te beheer.

## A.5

## GO NNA NGAKA

(Kgatla, Saulspoort, 1961)

Ke ne ke tswa seko!ong jaaka ge rre a ne a nthometse kwa seko!ong gore ke yo rutwa. Mme ka ba ka boa pila. Kwa seko!ong ka ba ka baa 'tits'here' ka rutisa bana mono Kgatleng.

Go tswa kwano, ke ge ke tla tloga mono ke ya kwa Ramakokstat, ke yo nna ngwaga, e ka ba ngwaga tse pedi. Ga bo go le "Inspector", o ne a bidiwa M.D. Achterberg. Ka moo ene a ntsa'a teng, a nthomela kwa Phokeng.

Kwa teng ke ne ke ntse dingwaga di le tharo. Ka ngwaga wa bone waaka kwa teng, ke ge ene gape e sale ene, a tla'ntsaya a nthomela kwa Bloemhof.

Mme a re: O'o tswa tlhogo ya sekolo kwa teng. Ka nako ele ke ge ke le mo P.T.3

Ge ke ntse kwa Bloemhof, batsadi baaka, ebong rre, ene ke ene a kileng a *tletwa* (2) ke rraagwe. Ene, e le bogologolo a sa bolong go swa, nna ke ese ke tsalwe.

A eletsa gore ngwana a ye kwa Setswaneng mongwe: "Ke rata ge a ka tshwara tiro e ya bongaka."

Mme a rata gore ngwana o a tsee tiro e ka tshwano: "O mo nee yona, mme o mo laolele.

"Mme nna ke le rragwemogolo, ka re wena o mo nee. Ge o sa rate o mpoellele. Ka re o mo ree a ye bongaka."

## OM NGAKA TE WORD

(bandopname) (1)

Ek het van die skool af gekom soos wat my vader my skool toe gestuur het om geleer te word. En ek het voorspoedig terug gekom. By die skool het ek 'n onderwyser geword en die kinders toe hier in Kgatla-land geleer.

Hiervandaan is ek toe hier weg na Ramakokstat, waar ek gaan bly het vir 'n jaar, of twee jaar. Daar was toe 'n inspekteur, sy naam was M.D. Achterberg.

So het hy my dan daar geneem en het hy my na Magatastat gestuur.

Daar het ek drie jaar gebly. In my vierde jaar aldaar was dit dat hy self weer gekom het en my gestuur het na Bloemhof.

En hy het gesê: 'Jy gaan die hoof word daar van die skool'. In daardie tyd was ek in Laer Onderwys III.

Terwyl ek op Bloemhof was, het my ouers, naamlik my vader, het hy 'besoek' gehad van sy vader. Hy was naamlik reeds lankal dood, voordat ek nog gebore was. (2)

Hy verlang dat die kind na een of ander Tswana-kundige moet gaan: "Ek wil hê dat hy hierdie *ngaka*-beroep moet beoefen."

Hy wou verder hê dat hierdie kind hierdie beroep behoorlik moes aanvaar: "Jy moet dit vir hom gee, en vir hom voorskrywe.

"En ek wat sy oupa is, sê jy moet (die *bongaka*) aan hom gee. As jy nie wil nie, moet jy vir my sê. Ek sê jy moet vir hom sê hy moet gaan leer vir *ngaka*."

---

(1) 'n Getroue transkripsie van 'n bandopname van hoe 'n Kgatla-onderwyser die beroep laat vaar het vir *bongaka*.

(2) *tletwa*: 'vir hom is gekom'; hier: 'hy het aan hom verskyn'. By die Tswana kom die 'verskynings' van afgestorwenes dikwels voor.

## A.5

A mmona a tšile pilapila, ka tšôrô, mo ene; go fitlhela ntata a kileng a tšhwengwa ke mafoko a go tšelwa ke rraagwe ka nako yotlhe; a ka nna a tšodisa malatsi a mane a matlhano, wa tša jalo fela; a ntse a bua tšhaka elengwe fela.

Mme a re a tsoga, a begella bomme, a mmolelle kamoo a tšhwenyegileng ka teng.

Ntate e ne e le ngaka, (le rremogolo), jalo ge, a rata gore ke tsengwe (mo bongakeng). Mme ba sena tumedi mo go nna, ka gobane motho o o rutegileng ga se yo o dumelang le dethutonyana tse dingwenyana tse.

Ba re: "Ka gongwe o tšilo gana mafoko a re tšilong 'o a bolela." Gatwe: "Re tšaatla re mmona ge a tša, re mmegela mafoko a gore gatweng.

Mme gona ba ne ba nkwaletse lekwalo, ka utlwisisa gore naa reng.

Mme ka seka ka ba araba; ka araba ka gore: "Ga ke utlwe gore le ntse le reng, fela ke tša utlwa ka molomo gore la reng."

Ka be ke itunna dingwaga tse nne ke sa tše kwa gae, ka go utlwa mafoko a ba a bolellang ekete ga a tsene mo pelong yame.

Yanong ka *ithongwa* ke (1) ene ntatemogolo. Mme o na a sa tše bosigo. O na a sa tša mo nna ke robotse. O na a tša e le motshegare, ka nako ya 'tri-o-klok', mantsiboya.

A ba a tša, o tša a ntse a sule, o tša ka phefo. Mme phefo e ya gagwe ge a tša, fela ge e le nako ya phefo, ge o e utlwa e re "tsuku-tsuku", ke setse ke lebile mmele waka o utlwa gore go tša sengwe.

Ke ne ke phaphala ka ditsebe le matlho ke utlwa mathata a sadiela naga yotlhe, ke tša bona fela a sale a tša. Mme o tšaatla ka mo popegong ya gagwe e a tšang ka yona. Le bokhutswane ba gagwe le popego ya gagwe: "Nô," ge a tša, ke mmonyel

Hy het hom baie duidelik gesien, waar hy in 'n droom na hom gekom het; totdat my vader ontsteld was deur die woorde waarmee sy vader voortdurend na hom gekom het; hy slaan miskien vier dae oor of vyf, en dan kom hy maar weer so; terwyl hy net oor een saak praat.

En wanneer hy opstaan, dan vertel hy aan my moeder-hulle, dan vertel hy aan haar op watter manier hy gekwel word.

My vader was 'n *ngaka*, (en my oupa), en daarom wou hy gehad het dat ek (in die *ngaka* opleiding) geplaas moet word. Maar hulle het nie geloof in my gehad nie, want 'n geleerde mens is nie een wat glo in ander onderriggies soos hierdie nie.

Hulle sê toe: "Miskien sal hy hierdie woorde nie aanneem wat ons gaan vertel nie." Daar is gesê: "Ons sal hom nog sien as hy kom, en ons sal hierdie woorde aan hom meedeel wat gesprek is.

Hulle het daardie tyd aan my 'n brief geskryf, en ek het verneem wat gesê is.

Ek het toe nie (definitief) aan hulle geantwoord nie; ek het geantwoord en gesê. "Ek verstaan nie wat julle alles sê nie, maar ek sal uit die mond kom hoor wat julle sê."

Ek het toe sommer vier jaar gewag sonder om huistoe te gaan, deur te hoor wat hul sê net asof dit nie in my hart ingaan nie.

En toe het my oupa self aan my verskyn. Maar hy het nie in die nag gekom nie. Hy het nie tot my gekom toe ek geslaap het nie. Hy het helder oordag gekom, om drie-uur in die namiddag.

Hy kom toe, hy kom nadat hy reeds dood is, hy kom met wind. En as hierdie wind van hom kom, net as dit tyd vir die wind is, as jy hoor hy (die wind) sê "Tsuku-tsuku", dan bemerk ek reeds dat my liggaam vir my sê daar kom iets.

Ek het my ore gespits en met my oë na alle kante rondgekyk, en dan sien ek maar net dat hy reeds verskyn het. Hy kom dan ook met die liggaamsbou waarmee hy (elke keer) kom. Ook sy kortheid en ook sy gestalte: 'Nee', as hy kom dan herken ek hom!

---

(1) '*ka ithongwa ke ene*': 'aan my is gestuur geword deur homself' dus: hy het self na my gekom.

## A.5

Ke be ke mo tshwantse, ke be ke itse gore motho o o tswana le mang: mme o bo o (le)ntate.

E (o sule ke ise ke tsalwe). Ke utlwile ene koko o a neng a mo tshotse. A bolella gore: ntatago o na a le mokhutswane.. mme a seka a mpoletla popego. Nna mo ponong yaaka ke bona popego ya gagwe gore o tswana le mang mo baneng ba gagwe ba basimane ba bararo, le basetsana, ba ka nna bane.

Mme ene, popego ya gagwe, a tshwanaka le o o bidiwang Johane. Mme ka bosweu o tswana le ene mo popegong. (Le batsadi baaka) ba dumela gore ke ene (rremogolo).

Jaanong ene a tla go nna. Ere ge a tla, ke be ke tshaba; ke tshabela mo ntlung, 'mara' gona go sa thuse sepe.

Erile ke le mo tlung, fela jaanong ge a bua le nna, ba ba kwano kwa ke tshabetseng mo go bone, eno o a bua, mme bone ga ba mo utlwe.

Mme nna jaanong ke itirela jaaka ekete ga ke mo utlwe, gore o bua le motho. Babangwe ga ba mmone; o bonwa ke nna fela.

Ke selo se se ntiragaletseng magkgatha a mararo, a mane. Jalo erile mo mokgatho wa bone, ka be ke raa ntate o mongwe o a le motona: Ke mmotsa gore: "Na 'are: Selo se ge motho a se bonisiwa bogologolo, kampo sa motse o a ntse a sule o tsalwa, a ge a tla mo wena, mme ge o mmona a tswana le rraago, kampô rraagomogolo mme a bolela le wena ka mafoko a a makatsang – kana ke bona nna ke sa robale, ge o bona ekete ke swa jaana; ke bopamiswa ke go tshaba motho ke sa mmone.

"O bua jaaka ge re bua yaana. Ke mmona jaaka ge ke ntse ke go lebile. Mme wena jaaka ge re le babedi o ka seke wa mmona. Le go bua gaaka, o tla nkutlwa mme ene o ka seke wa mo utlwa. Kana ene ge a tla, o tswana le ntatemogolo."

Ek vergelyk hom dan, en ek weet dan soos wie hierdie man lyk: en dit is dan my (groot)-vader.

Ja (hy is dood nog voor my geboorte). My ouma het ek gehoor, wat met hom getroud was. Sy het gesê: Jou (groot)-vader was kort gewees ... maar sy het nie vir my gesê wat sy voorkoms was nie. Ek self het in my gesig gesien na wie sy voorkoms lyk onder sy drie seuns en vier dogters.

En sy voorkoms het gelyk soos die een (seun) wat Johannes genoem word. Na sy ligte velkleur lyk hy na hom. (Ook my ouers) stem saam dat dit hy (my oupa) was.

Hy het dan na my gekom. En toe hy kom toe vlug ek; ek hardloop toe in die huis in, 'maar' dit het niks gehelp nie.

Terwyl ek in die huis was, net sodra hy met my praat, hulle wat hier is waar ek heen gevlug het, hy praat maar hulle hoor hom nie.

Ek dan nou het gemaak asof ek hom nie hoor nie, as hy besig is om met 'n mens te praat. Die ander sien hom nie; hy word deur my alleen gesien.

Dit is iets wat met my gebeur het drie of vier keer. En so dan, tydens die vierde keer, toe sê ek vir 'n sekere ou vader: Toe vra ek vir hom: "Sê my tog: Hierdie kwessie van iemand wat iets gewys word van lank gelede, soos van hierdie stat, terwyl hy reeds met jou geboorte oorlede was, as hy na jou kom en jy sien hy lyk soos jou vader of jou grootvader en hy het met jou gepraat met merkwaardige woorde – want ek vind dat ek nie kan slaap nie, as jy sien dat ek so lyk of ek kan doodgaan; ek word maer van bang wees vir iemand wat ek nie kan sien nie.

"Hy praat net soos ons nou praat. Ek sien hom net soos ek nou na u kyk. Maar u, soos ons nou twee is, u sal hom nie kan sien nie.

So ook as ek praat, u sal my hoor maar vir hom sal u nie kan hoor nie. En as hy verskyn, dan lyk hy net soos my oupa".

## A.5

Jalo ge ke mmolelela jaana. motho o motona a re: "Monna, o tla lwala. La bofelo ge o ganana le mafoko a aa buang le wena, o tla lwala. O tla go tshwenya mo mmeleng. O mo arabele, gore ere se a ka se tlhokang mo go wena, o mo arabe ka molomo wa gago gore: Jang, jang, jang, jang. — O bolele!"

O ntse a re:

"Ke go laela gore o ye bongaka; mme o ye kwa bophirimatsatsi. Mo tseleng ya gago ge o tloga o tsamaya, o tla bona mothonyana o o kana — ke monna. O tla go tlela naga a sena sepe, a le moetse go tloga fana go fitlhela fa!"

Ene e le motho o o mokhutswane bo bo tona, mme a nonofile. Pelo yaaka e ne ekete ga e dumele se a ka se buang le nna. La bofelo ka ge a ntse a ntshwenya ka kwalla batsadi baaka, ka thella, ka tla kwano gae. Ge ke ba bolella mafoko a otlhé a, go tshwenyega gaaka, ba re: "Mme ke se le rona re tshwenyegang ka sona".

Ka ba raa ka re: O batla gore ke ye bongaka, mme a re ke ye Jeremane kegore kwa S.W.A. Jaanong ka re: Wena rre, le mme, a le a dumela gore ke ye bongaka?

Ba re: "Nô, go ka nna kgotso jaaka ene (a go laetse). Ga se rona ba re go na'ang — o newa ke ene rragomogolo".

E le gore ke tlilo tlogela tiro ele ya botitšere gotlhegotlhe. Mo nakong eo ke ne ke amogela £12 mo kgwedding.

Go tsama's gaaka, e ne e le ka 1939. Ke tshotswe ka 1907. Dinyaga tsaka kajeno di 54.

Ke ne ke kopile 'post' kwa Kimberley, ba be ba mpha tiro kwa Chrome Mine Institute. Ka be ke baya 'notisi' gore ge ngwaga o fela, ke tla be ke se teng.

Toe ek hom dan so beskrywe, toe antwoord die ou man en sê: "Man, jy sal siek word. En op die ou end, as jy wederstrewig is teen die woorde wat hy met jou praat, sal jy siek word. Hy sal jou pla na die liggaam. Jy moet hom beantwoord, sodat wat hy mag wil hê van jou, jy hom mondelings kan antwoord as jy sê: Hoe en hoe en hoe en hoe. — Jy moet praat!"

Hy sê maar net weer:

"Ek gee aan jou opdrag om te gaan vir die *ngaka*-opleiding; jy moet na die weste gaan. Op jou weg, as jy met jou reis begin, sal jy 'n (kort) mannetjie teëkom wat só groot is — dis 'n (volwasse) man. Hy sal uit die veld na jou kom sonder iets aan, (nakend), met lang nekhare tot hier!"

Dit was 'n baie kort mannetjie maar volwasse (sterk). Dit was asof my hart nie glo wat hy vir my sê nie. En eindelijk omdat hý my aanhoudend lastig geval het, het ek (hieromtrent) aan my ouers geskryf, vertrek en hierheen huistoe gekom.

Toe ek vir hulle al hierdie dinge vertel, hoe ek ontstel word, sê hulle: "Maar dit is wat vir ons ook ontstel."

Ek sê toe vir hulle: Hy wil hê ek moet vir '*ngaka*' gaan (leer) en hy sê ek moet na Duits gaan d.w.s. na S.W.A. Toe sê ek: Vader en moeder, gee u verlof dat ek kan gaan leer vir *ngaka*?

Hulle sê toe: "Nee, dit kan vrede bring, soos hy (jou beveel het). Dis nie ons wat (die opdrag) aan jou gee nie — dis jou grootvader wat dit aan jou gee.

Dit sou beteken dat ek daardie werk as onderwyser geheel en al gaan laat vaar. In daardie tyd het ek £12 per maand ontvang.

My vertrek was in 1939. Ek is in 1907 gebore. Vandag is ek 54 jaar oud.

Ek het 'n pos gevra te Kimberley en hulle gee my toe werk in die Chroommyn Instituut. Ek het toe kennis gegee dat ek aan die einde van die jaar nie meer daar sal wees nie.



A.5

Ke be ke tsamaya, ke tsa'a terena  
teng e yong feta kwa Griekwaland.  
Damaraland ke tsamaile ke ita'a  
motlhaba, ke fale, ke yo wela kwa.  
Malatsi ao a ke a tsamaileng ke malatsi  
a mararo ke be ke le teng, ka terena  
ke selo sa bosigo le motshegare.

Ke ne ke rata go bona gore a *badimo*  
ge ba ne (2) ba tlile mo go nna mme ba  
tlo bua le nna, a go lebaganye jaaka ge  
a na a nthaya, fa a re o tla kopana le  
motho o o ntseng jaana. Gona ke tla  
bana le tumêlo mo *batho ba ba suleng*,  
gore *ba bua nnete*. (3)

Ge ke goroga, ke santse ke lebile  
German West, kwa steišeneng se se ka  
kwano, ke gona mo erileng ke fologa  
teng ka taelo ya gagwe; batho ba teng  
ke ba Sekgoa ba ba 'poratang'. Ba re: ge  
o fologa, o tla bona motse. Ge ke fologa  
ka taelo ya tulo e ne ke 'bôrta' go e  
bona, ka batla tsela.

Batho ba ke ba fitlhelang ke Matamara.  
Ke ba raa ke re ke batla tsela e e tla  
welang kwa Kgalagadi o o kwa tlase. Ke  
tlile go batla dilonyana tse nka phelang  
ka tsona. Ge ke re ke batla bongaka: ke  
mang o e leng ngaka e kgolo mono? ba re:  
"Mm .. morafe o o mokhutswane ke  
mangaka fela, bogolo ba bone. Le go o  
mmona, o seke wa mo nyatsa. Ke  
ngaka! "

Ba ra'a Mamponyemponye.  
Bathonyana ba ba khutswane. Tlhogo  
ya bone e ka feta tafole e go le gonye.  
Mme a tsofetse. Babantsi thata mo  
lefatseng.

Erile ke tloga mola, ka bona monna  
mongwe wa Motamara. Mme ntate o ke  
ntseng ke buisanya le ene ke motho  
o a leng mo tseleng, a re o ya bongaka.  
Mme ke mmotsa ka re: "O ya kae?  
Kwa o tlwaetseng teng go ya bongaka? "

Ek het toe afgereis: ek het die trein daar  
gehaal wat deur Griekwaland sou reis. Ek het  
oor die sand gereis na Damaraland en  
uiteindelik daar ver aangekom.

Daardie dae wat ek gereis het was drie dae,  
en toe kom ek daar aan, aangesien 'n trein  
'n ding is van nag en dag (reis).

Ek wou sien of die voorvadergeeste, die  
kere as hulle na my gekom het om met my  
te praat, of dit so is soos wat hy aan my gesê  
het, toe hy beweer het dat ek 'n man sal  
teenkom wat so en so is. Dán sou ek geloof  
hê in die mense wat reeds afgestorwe is,  
nl. dat hulle die waarheid praat.

Toe ek aankom, terwyl ek nog beweeg  
in die rigting van Duits Wes, by die stasie net  
duskant (die grens), dit is daar waar ek toe  
afklim in opdrag van hom (my oupa); die  
mense daar was van die witmense wat 'praat'  
(in 'n Europese taal). Hulle sê: As jy afklim,  
sal jy 'n naturellestat kry. Toe ek afklim in  
opdrag van die plek wat ek 'behoort' te kry  
soek ek toe pad.

Die mense wat ek daar aantref is Damaras.  
Ek sê toe vir hulle ek soek die pad wat  
afgaan na die onderste (diep in die) Kalahari.  
Ek het goetertjies kom soek waarmee ek  
kan lewe.

Toe ek sê ek wil die *bongaka* hê: Wie is  
hier die groot *ngaka*? sê hulle: "Mm ...  
die kort volkie is almal *dingaka*, die groot  
meerderheid van hulle. En ook as jy na  
hom kyk, moet jy hom nie verag nie. Hy is  
waarlik 'n 'dokter'! "

Hulle meen die Mamponyemponye. Hulle  
is kort mensies. Een van hulle se kop sal net  
effens hoër wees as hierdie tafel. En dis dan  
ou mense. Hulle is talryk in die land.

Toe ek daar weggaan, sien ek 'n sekere  
man, 'n Damara. En hierdie man met wie ek  
al die tyd in gesprek was, is iemand wat op  
pad is wat sê dat hy gaan om te leer vir  
*ngaka*. Ek vra hom toe: "Waar gaan u heen?  
Waar is u gewoon om heen te gaan vir  
*ngaka*-studies?"

---

(2) & (3) *badimo ba bua nnete*. *badimo*: iemand se afgestorwe voorouers, speel 'n geweldige rol in die Tswana-lewe, soos hierdie hele geskiedenis illustreer, en ook hoe hulle 'die waarheid praat'.

## A.5

A nthaya a re: “Ke kwa tlase kwa. Mme le wena, ka o batla bongaka, re ka tsama’a mmogo.

Ka mo ra’a ka re: a go na le go reka dijo mo tseleng? A re: go na le benkelenyana, mme e kwa kgakalanyana. Ka ya mo benkeleng, ka tsa’a ‘diloufu’ di le tharo tsa borotho. Ka re: le ge bo ka omella, ke tlo bo ina mo metsing, ke ja. Ke gona ke tlogang, le ene a tshotse ‘diloufu’ tse tharo.

Ga ke na dikobô; ke tshotse kobô e lengwe, le ‘jase’. Kamoo, ke wetse teng. Ge re o lebile, re sen’o tshela moedi wa noka, ge re tsamaa, re tsena mo motlhabeng o mošibidu wa mošawašawa o, ke makala ke bona motho, mme o mo tseleng.

‘Tsela di a kgaogana. Mo karolong ya teng, monna o, o letile nna.

O a itse ge ke tla. Mo therong e ke rerilweng ka yona, le ene badimo ba tswa mo ene, ba rerisanye le ene; mme ntate o, le ene o bone gore ke tlaa tla. Mme o tshwanetse go nkopantsha. Fa teng fa neng kabe ke timela.

Ntate o, a re thibela, a mpitsa ka leina laaka, le ke tsetsweng ka lona la Motsididi A mpoella gore ntatago ke mang, maago ke mang. Ele santlha ke bona jaana; mme sa bobedi, mosadi kwa Rhodesia le ene o kile a mpoella jalo.

Jaanong ka makala ge ke kopana le monna ona, a mpoella jaana. Ka dumela ka gore ga ke mo itse, mme ga a nkitse, mme leina laaka o le tsere kae? O itsile jang gore a ke nna?

Ke ene ngaka o moetse. Ga aa tswala sepe — ke letlalonyana fela le eketeng ke seopenyana fela.

A re: “O no o tla timela, fela ke go amogela ka bagolo ba gago, bao ba ba suleng. O no o le tlhogo e thata. Nkabe bongaka o sa bolo o bo tsaa. Mme a o a bona dipontshiso tsa bona, di go bontshitse jang?”

Ka re: “Di mpontshitse thata.”

Hy sê toe vir my: “Dit is daar verder aan. En aangesien jy ook wil leer vir *ngaka*, kan ons maar saam gaan.

Ek vra hom toe: kan mens langs die pad kos koop? Hy sê: Daar is ’n winkeltjie, maar dié is taamlik ver. Ek gaan toe na die winkel en neem toe drie brode. Ek dink toe: Al sou hulle uitdroog, sal ek hulle week in water en dan eet. So het ek dan vertrek, en ook hy het drie brode geneem.

Ek het nie komberse nie; ek het net een kombers en ’n jas. So het ek daarheen afgereis. Toe ons in daardie rigting beweeg, nadat ons deur die leegte van die rivier gegaan het, terwyl ons loop, kom ons in rooi los sand, en was ek verwonderd toe ek ’n mens sien, wat in die pad was.

Die pad verdeel (in twee). By die splitsing, wag hierdie man vir my.

Hy weet dat ek kom. In dié predikase waarin ek my opdrag gekry het, het die voorvaders ook na hom gegaan en met hom gepraat, en hierdie vader het ook gesien dat ek sal kom. Ook dat hy my moet tegemoetgaan. Want hier sou ek verdwaal het.

Hierdie vader het ons toe gekeer, my op die naam genoem wat ek van my geboorte af het, nl. Motsididi ‘Koele’. Hy sê toe vir my wie my vader is, wie my moeder is. Dit was die eerste keer dat ek so iets sien; die tweede keer het ’n vrou in Rhodesië ook so vir my gesê.

Ek was toe verbaas toe ek hierdie man ontmoet wat so met my praat. En ek het geglo, omdat ek hom nie ken nie, en hy my ook nie ken nie, en waar kom hy dan aan my naam? Hoe het hy geweet dat dit ék is?

Dit is toe hy: die ‘*ngaka*’ met die maanhaar. Hy het niks aan nie behalwe ’n velletjie amper soos ’n velskortjie.

Hy sê toe: “Jy sou verdwaal het, maar ek ontvang jou in (die naam van) jou ouers, daardie wat dood is. Jy was hardkoppig. Anders kon jy al lankal die *ngaka*-kennis geneem het. En sien jy nou hulle openbaringe, wat hulle vir jou wou wys?”

Ek sê toe: “Hulle het vir my duidelik gewys”.



A.5

A re: "Ga ke re ó mokhutswanyane?  
O mosweu."

Ka lemoga gore tota Rre o ...! Ka  
dumalanya le ene.

A re: "A re tsamae. O tsamaa le nna.  
Monna o o batla bongaka, mme gase  
baagwe, ke ba gago; ke wena motho  
wa bongaka. Koo bo go neela, mme o  
bo fiwa ke ntataagomogolo. Tuelo ya  
teng ke tla e go begella re sena go fitlha  
kwa gae."

Nna ke ne ke tshotse £100 mo go  
nna — ke sa itse gore tuelo ya bona e  
ka nna kanang kang.

Ke gona, ge re fitlha, ba feta ba  
nkamogela. Faabo monnamogolo ke  
fitlhetse ba epetse dikota, di dirilwe  
*mosakô* ...<sup>(4)</sup>,

O ne a tshôma ka Se-afrikaans: mme  
puo ya bone e a 'klika'. Ke: 'tlika-tkla'  
jaaka Maserwa. Ge o re: 'tlheng-gha'  
o a dumedisa. O le a re: 'tlham-gha'.

Mme a re: 'go tloga fà, ke go fa  
setlhare se. Re 'o tsena mo ditaung.  
Tshwaral E tla re bona, mme e re  
fapogela; mme re tla goroga kwa re  
yang teng'. Ke nnete: re tsamaile, ra  
yo goroga, ka re lala nageng ... Mme  
ditau re di fetile jaaka dipodi fela mo  
nageng, di tshameka.

Pheko ya gagwe e ne e le kotana .  
fela; ge o e bona, e tswana le *Mokunya* <sup>(5)</sup>.  
Ke gore mokgwa wa yone: E go lebale.  
Ga e itse gore o eng. Le gone, ga e kake ya  
go eletsa go go bolaya. E go leba fela e  
be e ithoballa jaaka mpsa.

Ra yo tsena kwa'agwe e le mosako o  
motona, o o mojako o mongwe. O a  
tswalwa ge tsatsi le wela. Ga no ngwana  
o a ka tsamayang ka fa ntle, bakeng la  
bontsi ba ditau.

Hy sê: "Is dit nie so dat hy kort is nie?  
Hy is lig van kleur".

Ek besef toe: Waarlik hierdie man ...!  
En ek het met hom saamgestem.

Hy sê toe: "Kom ons loop. Jy gaan  
saam met my. Hierdie man wil *ngaka-*  
kennis hê, maar dit is nie vir hom bedoel  
nie, dit is vir jou; jy is die een wat *ngaka-*  
kennis kan opdoen. Ek gaan dit vir jou  
gee, maar jy ontvang dit van jou groot-  
vader. Die vergoeding daarvoor sal ek vir  
jou sê nadat ons tuis aangekom het."

Ek het £100 by my gehad — ek wis  
nie wat die vergoeding hiervoor sou bedra  
nie.

Toe ons dan aankom, het hulle ons  
ontvang. Daar by die ou man se kraal het  
ek gevind dat hulle regop pale in 'n kring  
geplant het ...<sup>(4)</sup>

Hy het in Afrikaans gepraat; maar hulle  
taal het klapklanke. Dit is 'tlika-tkla' soos  
die Masarwa-Boesmans praat. As jy sê:  
'tlheng-gha', dan groet jy.  
Daardie een antwoord: 'tlham-gha'.

Hy sê toe: 'Van hier af, gee ek vir jou  
hierdie middel. Ons gaan nou tussen die  
leeus inkom. Neem dit! Hy (die leeu)  
sal ons sien en dan vir ons padgee; en ons  
sal veilig aankom waar ons heen gaan'. Dis  
waar: ons het geloop en veilig aangekom,  
hoewel ons in die veld geslaap het ...  
By die leeus het ons verbygestap net soos  
by bokke in die veld, wat speel.

Sy beskermmiddel was net 'n stuk hout;  
as jy daarna kyk, dan lyk dit net soos  
rooi-wag-'n-bietjie <sup>(5)</sup>. Dit het die uitwerk-  
ing dat hy jou sal vergeet. Hy weet nie  
wat jy is nie. En ook sal hy jou nie begeer  
om jou dood te maak nie. Hy kyk net na  
jou en slaap dan soos 'n hond.

Ons het toe aangekom by sy tuiste, nl.  
by 'n groot paalomheining met net een  
ingang. Dit word toegemaak as die son  
ondergaan. En daar is dan geen kind wat  
buite sal loop nie, vanweë die baie leeus.

(4) *lesaka*: is 'n gewone kraal, dikwels van regop pale langs mekaar, vir beeste.

Hier *mosako*: 'n paal omheining vir die veiligheid van die hutte teen roofdiere.

(5) *Mokunya*: (Pl. 378) *Clerodendrum uncinatum* Schinz. rooi-wag-'n-bietjie.

## A.5

Le dikgomo o a di 'bêrêka' ka dipheko. Di ka tshwara masome a a supang. Bogolo nku! Se a se ruileng: Nku e telle! Mme dilo tse ga di jewe ke sepe, ka 'perekô' ya gagwe, ka mokgwa o a di 'berekileng', ka teng.

Jaanong ge ke sen'ô goroga, a mpegela mo mosading. E, ba nkamogela. A bitsa bana ba gagwe ba barataro ba basetsana, mme ba kana ka ntatabo ...

A mpolella a re: "Bana ba ke bone ba o tliilong o tsa bongaka moo bone. O tla fetsa ka mosadi-mogolo. Mme o tliilo nna dingwaga tse di supang. Ngwaga wa bofelo re a go bulela. Ge o tsamaa o tla bo o le ngaka.

"O ô o go ruta ngwaga. Ge o fetsa, o tla tsewa ke o; ge o o fetsa, o tsewa ke o." Thuto ke e tsaya mo ale mongwe, a le mongwe, ke fetse le ene. Moleko wa gagwe: A nthute lenaka, kamoo a tlhamang ka teng. Kamoo ke na le dinaka tse di supang. Ke ntse 'dijara' tse di supang. Ka ngwaga wa bosupa, ke ge ba mpofolla. Mme be gona ke bolaelwa kgomo ya feresi.

Ngwaga waaka wa bosupa, ge ke rutwa ke mosadi mogolo, yaanong monna-mogolo yaaba gona a tlhakanang le nna. O na a nthuta gore tlhare se le sengwe nka se berekisa mo malwetseng a le mararo. O ne a mparologanyetsa setlhare jalo.

Pheko ya teng e tona: Ke letlalo la kgomo. Basetsana ba ba rataro ba, ba tsenye le nna mo kobong e, mantsiboa. Ke moleko wa go re ge nka re bosigo ge ke robetse, nka ba kgomo ka re:  
"Mosadi"! — ga ke ngaka!

Ke go re: ke ba busetse kwa morago. Se ke tliileng go se batla, ke tlele sona.

O tshwanetse go baa le bona malatsi a ka nna mararo, a mane; ene o tliilo go bolela gore jang.

Ook die beeste behandel hy met beskermmiddele. Hulle kan tot 70 wees. Veral skape! wat hy het: 'n verskriklike getal skape! En hierdie dinge word deur niks gevang nie, as gevolg van die behandeling waarmee hy hulle 'gedokter' het.

Nadat ek toe daar aangekom het, het hy my aan sy vrou voorgestel. Ja, hulle het my ontvang. Hy roep toe sy 6 dogters, wat net so groot soos hulle vader is ...

Hy sê toe vir my: "Hierdie kinders, dit is by hulle wat jy gaan leer om *ngaka* te word, by hierdie ses dogters. Jy sal (die studie) afsluit met die ou vrou. En jy gaan sewe jaar bly. Die laaste jaar maak ons vir jou (die pad) oop. As jy vertrek sal jy dan 'n *ngaka* wees.

"Hierdie een gaan jou 'n jaar lank leer. As jy klaar is, neem hierdie een jou, en dan weer hierdie een."

Ek moes by een vir een leer en by haar klaarmaak. Die ding was: sy moes vir my leer hoe sy haar medisynehoring berei. So besit ek dan sewe medisynehorings. Ek het sewe jaar daar gebly. Die sewende jaar het hulle my 'los gemaak'. En ook is daar toe vir my 'n vers geslag.

In my sewende jaar is ek toe deur die ou vrou geleer, en was dit dat die ou man met my te doen gekry het. Hy het my geleer dat ek een plant vir drie siektes kan gebruik. So het hy my geleer om te onderskei tussen plante.

Die kragmiddel hiervoor is iets besonder: Dit is 'n beesvel. Hierdie ses dogters het met my saans op die beesvel geslaap. Dit was 'n 'proef' om te bepaal of ek in die nag as ek slaap ek aan hulle sou vat en sê:

"Vrou" — dan is ek nie 'n *ngaka* nie!

D.w.s. Ek moet hulle ignoreer. Dit waarvoor ek gekom het, dáárvoor moet ek daar wees.

Jy moet vir drie of vier dae met hulle wees; hy sal vir jou sê hoe.

## A.5

Ke robala mo letlalong le. Ke le le sugilweng le le boleta la kgomo. Le lengwe la adilwe; le lengwe re a le apara. Jaanong ke ithoballa fela. Ke ntse le bone malatsi a mane a, ke gona a ba farologanya.

Ba tsamaya ba yo bolella ntataabona, ba re: "Nyaa ke motho fela." Ke go re: o na le metlholo: lenaka la kgomo. O ne a njesitse tshitlho.

Morago ga malatsi a le mane a yo nthaya a re: "Ke go neela bongaka. Malatsi a o a bonang a, oo lala nageng, oo tlhola kwa teng mme le bosigo bo. Malatsi a mabedi a, o tla bo o bowa kwa ke go romang teng, o le nosi. Mme o tla tlhoka dijo."

Ke gona, a ntsa'a a nkisa teng. Ge re fitlha teng, re bonye bodiba ba metsi. Go tlile timelo mo go nna ge a nthaya jaana. Athe o na a ntowa ge a mpha tshitlho: Ga ke itse. Gore mowawaaka o swe, ke ne ke dumele fela se a ka se bolelang. Ke tsamaile. Na ka bona *ke tsena mo teng ga bodiba* fela. Ka tlogela diaparo kwa ntle. O ntheile a re: "O tla bona motho ka fa teng. Modimo o tla go tsa'a."

Ke retsella fela. Ga o betwe, le matlho a gago ga a bullale. O no o leba-leba jaaka o ntsi fela. Noga ga e teng e ya tle e bullale. E leba-leba fela, noga. Ga e nke e robala, noga, aikhonal

Tshitlho ele, o ne a e mpêga mo tlhogong mme a ntlhaba. A ntlhaba, a ntlaba. Ke go re a tsaya dibotlolo tse di 12. Engwe le engwe o thibolla molomo wa yona. Ge a ntshwara ka tlhogo ekete nka tlhatlhamologa tlhogo e. Ge a ka tsaya botlolo engwe a re o ka ntshwara kafa, ekete e tla thathamoga yaanal

Ek slaap op hierdie vel. Dit is 'n saggebreide beesvel. Die een word oopgesprei, die ander een bedek ons ons mee. Ek gaan dan sommer slaap. Ek het die vier dae saam met hulle gebly en daarna het hy hulle geskei.

Hulle het toe vir hulle vader gaan sê: "Nee dit is sommer net 'n mens." Dit meen hy het wonderwerke, dié beeshoring. Hy het my van dié verkoolde kragself laat eet.

Na vier dae het hy vir my gesê: "Ek gee die *ngaka*-skap aan jou. Hierdie dae wat jy sien, gaan jy in die veld slaap. Jy gaan die dag daar deurbring en ook hierdie nag. Hierdie twee dae, en dan kom jy weer vanwaar ek jou heen stuur, net jy alleen. En jy sal nie kos hê nie."

Hy neem my toe daarheen. Toe ons daar aankom, sien ons 'n diep waterkuil. Oor my het daar 'n 'verdwaling' gekom toe hy so vir my sê. Maar al die tyd 'het hy my getoor' toe hy my die 'verkoolde kragself' gegee het: Ek weet niks. Dat my persoonlikheid ('gees') moes sterf, moes ek net glo wat hy mag sê. Ek het gegaan. Ek het net gesien hoe ek in die waterkuil ingaan. Ek het my klere buite gelaat. Hy het vir my gesê: "Jy sal 'n mens daarbinne sien. 'Modimo' (God) sal jou neem."

Ek het net ingegly. Jy stik nie, en ook jou oë gaan nie toe nie. Jy kyk en kyk net soos wat jy gewoond is. Daar is nie 'n slang wat sy oë toemaak nie. 'n Slang kyk al die tyd. Hy slaap nooit nie, 'n slang, gladnie!

Daardie verkoolde kragmiddel het hy op my kop gesit en my ingekerf. Hy het my oor en oor gekerf. Hy het naamlik twaaf bottels geneem. Hy haal een vir een se prop af. As hy daarvan op my kop smeer, dan voel dit of hierdie kop uitmekaar kan spat. As hy die een bottel neem en my hier raak, voel dit of dit dáár wil bars!

## A.5

Setlhare se se tsamaya yaana: se bula tlhogo yaaka e. Go tloga mo thini ya tsebe e yo tlolela ka kwa thining ya bobedi. Botlolo ya boraro o tlo go tshwara dithwe tsa mabogo. Ge a tshware fa, le swa lolotlhe. Kae le kae fa a go tshwarang teng, le leoto, le swa lolotlhe. Le ge o ka le nôta ga o utlwe, Ke *molekô* (6) o sele, kafal

Ge a tsaya mafuranyana ale a a baya mo lengetaneng, a ba a ngatha *tshitlho* ele a e lokela mo teng, a e tliaolosa ... ke go re o ka re ke *lebêko*. (7)

Leswalo (8) le ke lebêkô; lona le la banna bagolo, la dinko. Ke gona o tla tsayang *tshitlho* ele a e gola a e kgobokanya mo lebogong la gagwe e ntse e tliaologa, mme ga e mo fise.

Ka moo, a re: "Tsa'a o jel Diatla tsaago di ye kwa morago o jel Ge o le fa o noga! "

Mme ke be ke tsaa ke latswa lebogo la gagwe, ke be ke fetsa ke re:

"Ngaka, ke noga. E a loma ebile e a phedisa! "

"Ka moo, ke go fa dilo tse, mme o fetogile. Ke tlaatla ke go fetola mogopolo. Morago ga dingwaga di supa, ke tlaatla ke go fetola. Jaanong o tla boela mo moweng wa gago le mo tshwannong."

Hierdie medisyne werk so: dit maak hierdie kop van my oop. Dit begin by hierdie oorgat en spring oor na die tweede oorgat. Met die derde bottel gaan hy aan jou arms ge gewrigte smeer. As hy hier raak, gaan jou hele arm dood. Net waar hy aan jou raak, en jou been, gaan heeltemal dood. Selfs as jy dit sou knyp, voel jy niks. Dit is 'n ander soort 'kragmeting met toordery', (6) daar!

As hy daardie salfies neem en in die potskerf sit, en dan van daardie 'verkoelde kragself' afknyp en dit daar in sit en dit laat smelt ..., dan sal jy dink dit is 'n neuskrapper, (7) (soos dit jou neus irriteer).

Hierdie 'voorspoedsalf' (8) is 'n neuskrapper; daardie soort van die ou manne vir die neus. Dan neem hy van daardie verkoelde kragself, krap dit bymekaar en sit dit in sy hand terwyl dit nog gesmelt is, maar dit brand hom nie.

Hy sê dan: "Neem en eet! Laat jou hande agtertoegaan en eet! Soos jy hier is, is jy 'n slang! "

Ek neem dan en lek sy hand en maak dit klaar en sê:

"Ngaka, ek is 'n slang. Hy byt, en ook laat hy lewe! "

(Hy sê dan) "Daarom gee ek hierdie goed aan jou, en jy is nou verander. Ek sal weer kom en jou denke verander. Na sewe jaar, sal ek kom en jou verander. Nou sal jy weer terugkeer na jou persoonlikheid en soos jy was."

## A.6

**TLHATLHOBBO YA NGAKA KA BOLWETSANA**

(Kgatla-ngaka, Saulspoort 26.6.62)

Ngaka ge re mo tthatlhoba go bona gore a o itse bongaka, re mo naya ngwana o o lwalang bolwetse ba *bolwetsana*. (1) Kegore ngwana ó ke fitlhela a itshwara mo dinkong, le mo matlhong, le mo molo-mong. Ke gore o a inôta-nôta.

**OM 'N NGAKA UIT TE TOETS MET SKURFSIEKTE**

As ons 'n *ngaka* wil uittoets om te sien of hy die *ngaka*-kunde ken, dan gee ons hom 'n kind wat ly aan 'skurfsiekte'. (1) D.w.s. ek vind dat hierdie kind aan sy neus vat-vat, en aan sy oë en sy mond. Met ander woorde hy knyp-knyp homself.

(6) *molekô*: 'n probeersel', d.w.s. 'n poging om te toor.

(7) *lebêko*: die been-of yster-'lepeltjie' om die neus mee skoon te hou.

(8) *leswalo*: 'n 'vetklont-preparaat wat van verskeie plante en ander *diphoko* (kragmiddele) saamgestel is. Dit word aan die liggaam en gesig gesmeer as 'n 'gelukbringer'.

(1) *bolwetsana*: jeuksiekte, skurfsiekte, 'scabies'.

## A.6

Ngwana o pōpōta, ke gore fa o le ngaka o tshwanetse gore o bo itse ngwana. Le go tshodisa mmaagwe, ge a sa tshole ngwana. Ke gore ngwana o mo thae mo popelong ya mmaagwe.

Kalafi ya bolwetsana ke: *Legetla* (2) la setlhare. Ba bangwe, ke legetla la noka, re le bitsa *Legopō*. (3)

Legetla la setlhare, ke bitsa bana ba 'nêkesetōrō' ka 'a ba *arametsa* (4) ka Legetla la setlhare, mme le na le motswako.

Motswako wa ntlha ke *Sebati-bogogo*. (5) Ke phologolo, e a phela. Di iphitlha mo lekwating la *Mooka*. (6)

Ge o ka tlosa lekwati la teng o ka fitlhela di tshaba. Ke tsone *Sebatibogogo*.

Legetla la noka lona, motswako wa lone ke *thete* (seboko se se nang mo sakeng).

Tsotlhe tse o a di tlantlanela gongwe. Di fsa mmogo le setlhare se sa *Legetla*, mme ke a di mo *arametsa*. Ga a sen' o di *aramela* ke *tša'a tshidi* e ya teng, ke tlhakanya le mafura a podi. Yaanong ke a mo *logetsa* mo dinkong le mo ditsebeng.

Ke be ke tsaya *Sebatibogogo* se se phelang, kampo *thethe* e e phelang, ke se baya mo tlhogong ya gagwe fa ke ne ke *thala* (7) teng ka tshitlho, ka dira sefapano mo tlhogong ya gagwe.

Ke a se tlogela gore se tle se tsamae go tloga fa tsebeng engwe go ya kwa tsebeng engwe. Se tla tsama'a se ja tshitlho e go ya kwa tsebeng engwe.

Om 'n kind (te genees) is moeilik, d.w.s. dat as jy 'n *ngaka* is dan moet jy 'n kind ken. En ook om sy moeder te help met die bevrugting as sy nie 'n kind kry nie. Dit beteken: jy moet die kind reeds in die baarmoeder beveilig.

(Kinder-) 'Siektetjie' word genees met die plant *Bulbine stenophylla* (2). Andere neem 'n rivierplant wat ons noem *Legopō*. (3)

Die *Bulbine stenophylla* plant (gebruik ek deur) die buurkinders te roep en laat hulle 'wasem intrek', (4) van hierdie plant; maar dit het dan die versterker.

Die eerste versterker is 'n boombasgogga. (5) Dit is 'n diertjie; hy lewe. Hulle versteek hulleself onder die bas van die soetdoringboom. (6)

As jy die bas aftrek sou jy hulle vind waar hulle vlug. Dit is hulle, die boombasgoggatjies.

Die rivierplant se versterker is die miswurm wat in die beeskraal bly.

Jy stamp hulle almal saam fyn. Hulle verkool saam met hierdie *Legetla* plant, en ek laat hom daarmee die warm dampe inasem en sweet. Nadat hy dit ingeasem het, neem ek hierdie poeier en meng dit met bokvet. Ek smeer hom dan daarmee in, in sy neus en ore. Ek neem dan 'n bietjie poeier en laat hom dit insluk.

Ek neem dan die boombasgogga wat leef, of die lewendige miswurm, en sit dit op sy kop waar ek met die salf 'n streep getrek het (7) en 'n kruis gemaak het op sy kop. Ek los dan die gogga sodat hy kan loop van die een oor na die ander. Hy sal loop en hierdie salf eet tot by die ander oor.

(2) *Legetla*: (Pl. 483). *Bulbine stenophylla* Verdoorn.

(3) *Legopō*:

(4) *arametsa*: wasem intrek, gewoonlik deur onder komberse te laat sweet, of die middel op gloeiende kole te gooi.

(5) *Sebatibogogo*: boombasgogga.

(6) *Mooka*: *Acacia Karroo* (Hayne) soetdoring.

(7) *thala*: 'n streep trek; in hierdie geval met 'n lemmetjie die hare afskeer van oor tot oor, en van voorkop tot nek in 'n kruisvorm, en dan smeer.

## A.6

Ke be ke se tshwara ke be ke se ba'a fa phatleng, se tsamaya se ja se ya kwa morago go ya fa phogwana, se ja se re 'tsi-tsi-tsi'. Se a mo loma, mme se feta se ya kwa morago.

Jaaka ge se mo loma yaana, ngwana o tla lla. Ke tla be ke se tsa'a, ke yo batla setlhare sa mosu se se suleng, ke feta ke se ba'a mo teng, se a be se tshaba se yo iphitlha. Mme se tshabile ka bolwetse bole.

Ngwana o tla robala ka yona nako e. A ka fetsa 'iri' kampo 'iri' tse pedi a ntse a robotse. Seo se tlaa supa gore ngwana o fodile, ka nako eo ge ke sen'o mo arametsa.

Kalafi ya bogolo ke *Legetla*. Ge ele seboko, sone se tsamaa mo mosuteleng wa dikgomo. Le sone se tliho tsaya bolwetse ba ngwana. Se ile le bona jaaka ge nka tlhoka Sebatibogogo.

## A.7

### GO NEELA BONGAKA (Kgatla-ngaka, Saulspoort 1962)

Ngaka ge e neela ngwana wa gagwe boswa ba dipheko, o mo naya sephiri sotlhe se a nang naso. O nna nae kwa nageng, gobane o o tsola a nna a sa ikatega. Le ene morwa wa gagwe o tshwanetse go nna a sa ikatega, mo godimo ga letlalo la kgomo, le le thailweng ka ditshitlho tsa bo-rraagwe.

Ka mo a mo laela se se dirafalang le se a tiholang gore se dirafale.

Kgomo eo e yo bolaelwa kwa nageng; ke e ntsho. Ga go na *sethwe* (1) sa yona se se tla yang gae. Ke go re *sethwe* sa yona se se yang, ke se se leng mo 'nakeng.

Ek vang hom dan en sit hom by die voorkop, dan loop hy en eet agtertoe tot by die fontanella. Hy loop en eet 'tsi-tsi-tsi'. Hy byt hom en gaan dan verby agtertoe.

Soos wat hy hom so byt sal die kind huil. Ek neem dan die gogga en gaan soek 'n haak-en-steek doringboom wat dood is, en ek sit hom dan daarin, en hy vlug dan om hom te gaan versteek. Maar hy het dan gevlug met die siekte.

Die kind sal op daardie oomblik insluimer. Hy sal 'n uur of twee slaap. Dit sal toon dat die kind gesond is vanaf die oomblik wat ek hom die kruiedampe laat inasem het.

Die eintlike genesing is die Bulbine stenophylla plant. Wat die wurm betref wat in die beesmis bly, die neem ook die siekte van die kind weg. Dit dra die siekte weg indien ek nie 'n boombasgogga kan kry nie.

### OM DIE NGAKA-KUNDE OOR TE DRA

As 'n *ngaka* aan sy seun 'n erfenis van kragmiddele oordra, dan gee hy aan hom die hele geheimenis wat hy besit. Hy bly saam met hom in die veld, want hy gaan uittrek sodat hy heeltemal nakend is. Ook sy seun moet nakend wees, bo-op 'n beesvel wat voorberei is met die kragstalwe van sy voorvaders.

Hier op die vel verduidelik hy aan hom wat gebeur en wat hy doen en wat hy gaan teweegbring.

Daardie bees gaan in die veld geslag word; dit is 'n swarte. Geen deel van hom sal huistoe gaan nie. Dit wil sê die gedeelte daarvan wat (huistoe) sal gaan, is dié deel wat in die (medisyne-) horing is.

---

(1) *sethwe*: Sotho vir ledemaat, stuk (gedeelte) Tsw. *tokollo*.



A.7

Se re buang ka sona ke *kgorwana*.<sup>(2)</sup>  
'*Khupamarama*,<sup>(3)</sup> ke swa le yona'.  
Kegore sephiri sa bofelo.

Letlalo le le a *thaiwa* <sup>(4)</sup> le sale metse.  
Jaanong ge le sen' o fetsa go 'bêrêka', wena  
ngaka o feditse ka lona; le na le tiro la teng,  
le nosi.

Ke la *tladi* <sup>(5)</sup>. O bontshwa gore ge le  
sen' o ôma, o tsa 'hamore' ya ponto tse  
nne ...

Waar ons van praat is die  
'geheimenis'. <sup>(2)</sup> 'Die geheim, <sup>(3)</sup>  
ek sal met hom sterf.' Dit wil sê dis  
die laaste geheim.

Hierdie vel word 'gedokter' <sup>(4)</sup>  
terwyl dit nog nat is. As julle dan nou  
klaar 'gewerk' het, dan is jy wat dokter  
daarmee klaar; hy het nou sy eie werk.

Dit is vir weerlig. <sup>(5)</sup> Aan jou word  
getoon hoe, nadat die vel drooggeword  
het, jy 'n vier-pond-hamer neem ..

A.8

**BONGAKA BA SETSWANA**  
(Kgatla, Mochudi <sup>(6)</sup>. 1951)

Bongaka ba Setswana bo e leng ba  
nnete, ga bo *ilane* <sup>(7)</sup> le tumêlô.

Bo tsamaisana mmôgo. Se se ilanang  
le bodumedi ke boloi. Bongaka bo bo  
alafang motho, a fole ga bo ilane le  
bodumedi.

Jêka morena L. kampo Dr. Livingstone  
a le moruti ebile e le ngaka. Le wena o  
ka ba'a ngaka ebile o le Mokreste;  
ga bo re sepê.

Bongaka bô bongwe bo alafa fêla bo  
sa tshole ditaola. Ke 'ngaka tse di  
*tshopywa*, <sup>(8)</sup> Ke ge o itse ditlhare tse  
di alafang fela. Ga bo ilane le tumelo.  
Mme ngaka o, a ka ba'a le o a mo laolelang  
ka *ditaola*. <sup>(9)</sup>

**NGAKA-PRAKTYK ONDER DIE  
TSWANA**

Die ware Tswana geneeskunde  
(*Ngaka*-praktyk) is nie in botsing <sup>(7)</sup>  
met die (Christelike) geloof nie.

Hulle bevorder mekaar. Wat in  
botsing kom met die (Christelike)  
geloof is toordery. Die *ngaka*-praktyk  
wat 'n mens dokter dat hy gesond word  
bots nie met die geloof nie.

Soos Dr. L. of Dr. Livingstone wat  
'n leraar is en terselfdertyd ook 'n  
geneesheer. Jy kan ook 'n *ngaka*-  
(geneesheer)wees en terselfdertyd 'n  
Christen; dit maak nie saak nie.

Die een soort *ngaka*-praktyk 'dokter'  
eenvoudig sonder dolosse. Dit is  
*dingaka* wat 'poenskoppe' is. <sup>(8)</sup> Dit is  
wanneer jy plante ken wat net genees.  
Dit kom nie in botsing met geloof nie.  
Maar hierdie ngaka kan dan een hê wat  
vir hom dolosgooi met dolosse. <sup>(9)</sup>

- 
- (2) *Kgorwana*: *kgoro* et *ana*, dus moontlik 'die klein opening; dit beteken hier: geheimenis.  
(Hy wou egter nie verder verduidelik nie.)
- (3) *Khupamarama*: die groot bitterappel. Sy wortel maak jou 'onsigbaar'!  
(Pl. 35) *Solanum incanum* L.  
'*Khupamarama ke swa le yona*': 'n uitdrukking meermale gebruik: "Ek sterf met die  
geheim".
- (4) *thaya*: is die behandeling van 'n voorwerp om dit te beskerm teen toordery.
- (5) *tladi*: Die weerlig, bliksemstraal, word gesien as 'n wit voël wat van die see af kom, en  
met 'n bliksemstraal slaan waar hy heen gestuur word. Hier is 'n sporadiese aan-  
duiding van hoe die *ngaka* nakend op die uitgedroogde beesvel staan en met 'n  
groot hamer die droë vel 'n hou gee, en self ook in die lug wip. Die weerlig 'tref'  
dan die voorwerp of mens wat hy besweer het.
- (6) Hierdie segsman is 93 jaar oud, gebore in 1858 en het groot geword onder die Boere.  
Vanaf 1885 is hy 'n Christen in die N.G. Send. Kerk.
- (7) *ilana*: om mekaar te vermy; in botsing te kom met.
- (8) *ngaka e tshopywa*: 'n 'poenskop'-dokter; een wat nie horings het nie; dus sonder dolosse.
- (9) *ditaola*: van *laola*, om 'n wet voor te skryf.

## A.8

Ngaka e e tsamayang ka ditaola ke ngaka ya ditaola fêla

Mme mo' bona e tona ke e tsopywa. Ngaka e nyane ya ditaola e tla mmolella bolwetse, mme ke ene o o tla mo fodisang ka ditlhare.

Bongaka ba Setswana bo na le tiro e kgolo Ditiro tsa yona ke:

Go alafa bolwetse;  
Go batla se se timetseng;  
Pheko ya marumo;  
Go tha'a motse, kampo  
lesaka, kampo tshimo.

Bakgatla, jaaka re ba bona ba tswa kwa ntweng mme ba bowa, go sa swa ope, ge e se wa bolwetse fêla, ke ka baka la pheko a-marumo.

Bolwetse, mo metiheng ya kajeno, bo mefuta mebedi. Go bolwetse ba Modimo; gape go bolwetse bo bo dirwang ke batho; ba boloi.

Bolwetse ba Modimo bo ka alafywa ke ngaka ya Setswana, ebile bogolo dingaka tsa Sekgoa. Mme ge e le bolwetse ba boloi, dingaka tsa Sekgoa ba a palwa. Go ka kgona fela dingaka tsa Setswana.

Dingaka tse di re tsetseng tsa bontate, di ne di sa bue maaka. Go diragala jaaka ba boletse, mme ba bonye ka ditaola. Ba be ba bolele gore motho wa gago o o lwalang o, o na le mogopolo gore o loilwe. Mme ba re: "Ga se boloi, ke ba Modimo"; mme ba mo alafe, mme a fole.

Ge e le ba boloi, ba re: "O loilwe". Ba be ba bolele *dijeso* (1) tse a loilweng ka tsona; mme ba di ntshe mo mothong mme o di bone ka matlho a gago.

Mme ba go nee ditlhare tse o tla di nwang, mme o fole.

'n *Ngaka* wat met dolosse rondgaan word net 'n *ngaka* van dolosse genoem.

Maar tussen hulle (twee) is die 'poenskop' die belangriker een. Die geringer *ngaka* met die dolosse sal die siekte aan hom bekend maak, maar dit is hy (die poenskop) wat die kranke gesond maak.

Die Tswana *ngaka*-praktyk het 'n baie belangrike taak. Die funksies daarvan is:

Om siekte te genees;  
Om iets wat verloor het te soek;  
'n Kragmiddel vir wapens ( te berei );  
Om die stat te beveilig, of die beeskraal, of die landerye.

Soos ons die Bakgatla sien waar hulle teruggekom het van die oorlog sonder dat een dood is behalwe dié van siekte alleen, is dit as gevolg van die 'wapenkragmiddel.'

Siekte, vandag, is van tweërlei aard. Daar is die siekte (wat) van God (kom); en ook is daar die siekte wat deur mense veroorsaak word. deur toorderye.

Die siekte (wat) van God kom kan deur 'n Motswana *ngaka* genees word, maar eerder nog deur Blanke dokters. Maar wat siekte van toorderye betref, is die Blanke dokters nie in staat (om dit te genees nie). Slegs Tswana 'dokters' kan dit genees.

Die *dingaka* wat aan ons die lewe geskenk het (geboorte gee), van ons vaders, hulle het nie onwaarhede vertel nie. Dit het gebeur net soos hulle gesê het, en hulle het dit vooruit gesien met die dolosse. Dan sê hulle: Hierdie pasiënt van jou wat siek is, jy is van mening dat hy getoor is. Hulle sê dan: "Dis nie toorderye nie; dit kom van God"; en hulle behandel hom en hy word gesond.

As dit van toorderye is sê hulle: Hy is getoor", en hulle vertel dan wat die 'opvreter' (1) is waarmee hy getoor is; en hulle haal 'die vreters' uit 'n mens uit en jy sien hulle met jou oë.

En hulle gee dan vir jou medisyne wat jy moet drink, en jy word gesond.

(1) *dijeso, sejeso*: is 'n lewendige ding (vlêrmuis, padda, slang, krokodil, ens.) wat deur toorderye in jou maag is, en nou besig is om jou op te vreet.



A.9

**NGAKA E E FETLHANG,  
LE E E KOLOPANG**

Ke rata ngaka e e itseng go fetlha bogolo go ngaka e e kolopang. (1)  
Ke go re yo o fetlhang, ba ba mo lekang o a ba fetsa; mme a se na molato, ka a na a iphemela.

Yo o kolopang, o itlhokisa lesego mo tshireletsong ya batho.

**DIE NGAKA WAT AFWEER, EN DIE EEN WAT 'GOOI'**

Ek hou van 'n *ngaka* wat weet hoe om (toordery) af te weer, eerder as 'n *ngaka* wat (toordery) 'gooi'. (1) Want die een wat afweer, roei hulle uit wat hom probeer (onder kry); en hy het geen skuld nie aangesien hy homself verdedig het.

Hy wat (toordery) gooi, ontnem homself die seën om mense te kan beskut.

A.10

**MOLEKO WA DINGAKA**  
(Kgatla-ngaka, Saulspoort, 1963)

*Mogolorô* (2) ke *moleko* (3) wa dingaka.

Ge ngaka e tswa kgakala, mme e fitlhela o ntse o tshageditse motse, e sa tsena ka wena, o tliilo lemoga ge ene a ka ipona bokaone mo motseng o wena o tshwanetseng wa o swela.

Le gona a sa begwa fa pele ga kgosi. A feta a ikalafela fela.

Ke mo naya 'beke' e lengwel Le bone ba ba tswang 'o mo tsaya; ga a kitla a ba laela!

Pelo ya'agwe e tla *thema*. (4) Mme o tla ikisa le naga fela. O tla itharabologelwa a le mo gare ga naga, kgotsa a le kwa'abo. Ke mo leki'e ka *Mogolorô*.

*Mogolorô* ó ke o sila boleta fela, ke a kopanya le *seruufele* (5), le *Moneelwa*. (6)

Jalo ke tsaya lerole le ka lebogo laaka la molema, ke utlwile leina la gagwe, ke boditse ka lona.

**DINGAKA SE KRAGMETING MET TOORDERY**

Die bobbejaandruif (2) is 'n 'kragmeting met toordery (3), van die *dingaka*.

As 'n *ngaka* van ver af kom, en hy kom en vind dat jy nog (julle) stat beskut (met kragmiddele), en hy hom nie by jou aanmeld as hy in (die stat) kom (werk) nie, dan sal jy agterkom dat hy kan dink hy is beter (as jy) in die stat waarvoor jy jou lewe moet gee.

En ook is hy nie by die kaptein aangemeld nie. Hy gaan sommer voort en begin op sy eie om (mense) te behandel.

Ek gee hom een week! En ook hulle wat hom ontbied het; hy sal nie eers kans kry om hulle te groet nie!

Sy hart sal stol (4). En hy sal sommer doelloos rond dwaal. Hy sal tot sy verstand kom as hy in die eensame veld is, of as hy weer by sy tuiste is. Ek het hom beproef met die bobbejaandruif.

Hierdie bobbejaandruif maal ek net fyn, en meng dit met 'n mot (schoenlapper) (5) en met die *Moneelwa*-plant. (6)

Dan neem ek hierdie poeier met my linkerhand, nadat ek reeds sy naam gehoor het en ek dit (nou) uitgeroep het.

(1) *kolopa*: Om te gooi. Die gebruikelike uitdrukking vir toordery werp na iemand.

(2) *Mogolorô*: *Cyphostemma* sp. cf. *sandersonii*. (Pl. 554) bobbejaandruif.

(3) *moleko*: 'n kragmeting met toordery.

(4) *thema*: stol, dik word soos dikmelk; hy sal kragteloos word.

(5) *seruufele*: 'n mot of schoenlapper.

(6) *Moneelwa*: 'wat aan jou gegee word'. (?)

## A.10

Ke a mmita gararo ka leina la gagwe.

Ek roep hom drie keer op sy naam.

Ke se bulla ka moya waaka, ke mo  
*liletsa phala*, (7) ke re:

Ek blaas dan (die poeier) met my asem  
weg en fluit vir hom op die beenfluit (7)  
en ek sê:

“A golore! (8)  
A seke a itse kwa a yang!  
A iphithele a le  
kwaabo-ene! ”  
Gape, ga a nke a rata go tlhola a boal

“Laat hy mal rond dwaal! (8)  
Laat hy nie weet waarheen hy gaan nie!  
Laat hy homself eers weer by sy eie  
huis vind! ”  
Hy sal ook nie weer lus hê om terug te  
kom nie!

## A.11

### NGAKA LE BADIMO BA GAGWE

### 'N NGAKA EN SY VOOROUERGEESTE

(Kgatla-ngaka, Rustenburg distrik, 1962).

Jaaka ge ke le ngaka, nka seke ka  
alafa fela kwa ntle go badimo baaka.  
Ke gore go ka seke ga feta malatsi a  
mabedi ke ese ke kopane le bone ka  
thapelo.

Soos wat ek 'n *ngaka* is, kan ek nie  
eenvoudig net behandel sonder die  
medewerking van my (afgestorwe)  
voorouers nie. Dit beteken dat daar geen  
twee dae verbygaan waarin ek nie met  
hulle in verbinding was deur die gebed  
nie.

Ke gore le ge ke *tlhama lenaka*, (9)  
kampo *leswalo*, (10) ke tshwanetse  
ke le kopê mo go rre. Mme o tla  
ntaela mo torong gore ke tsenye eng  
mo teng.

Dit beteken dat selfs as ek 'n medisyne-  
horing berei, (9) of 'n 'voorspoedsalf', (10)  
dan behoort ek dit van my vader te vra.  
En hy sal dan aan my opdragte gee in 'n  
droom oor wat ek daar moet byvoeg.

Jalo ge leswalo lè, lé tliilo sebetsa  
ka mokgwa o ke le kopileng ka lona.

So dan sal hierdie 'voorspoedsalf'  
werk op dié wyse wat ek in die gebed  
gevra het.

## A.12

### TUMELO YA NGAKA

### GELOOF VAN 'N NGAKA

Se ngaka a se rutilweng ke batho  
ba pele ba ba tsofetseng, – mo tumelong  
ya gagwe ge a rutiwa medi le kutu ya  
ditlhare – mo tumelong eo, a se dire,  
e seng mo go rateng ga gagwe. A dire  
go rata ga ba bogologolo, ba ba neng  
ba *tlhama dinaka* (11) tsa mehuta ka  
metlholo ya dinaka.

Wat 'n *ngaka* geleer is deur die vroeëre  
ou mense, – volgens sy geloof as hy geleer  
word aangaande die wortels en stamme  
van die plante – dan moet hy dit in  
daardie geloofsvertroue doen en nie  
volgens sy eie wil nie. Hy moet handel  
volgens die begeerte van die ou mense,  
hulle wat verskillende soorte horings  
berei het, (11) met wonderwerke van  
horingbereiding.

Boammaaruri bo, o swa a na le bona,  
ele boammaaruri; ga bo fetoge mo go  
ene.

Met hierdie waarheid sterf hy dat dit  
nog vir hom waar is; dit verander nie in  
hom nie.

(7) *mo liletsa phala*: 'om vir hom die fluit te blaas': die bobbejaan-, pou-, weerligvoël- of mens-beenfluit, wat om die *ngaka* se nek hang en wat hy in sulke gevalle blaas.

(8) *go golora*: om mal rond te dwaal of hardloop.

(9) *go tlhama lenaka*: om 'n medisynehoring met 'n kragmiddelpreparaat te vul.

(10) *leswalo*: 'n vetklontmengsel van plante wat gebruik word om voorspoed te verseker.

(11) *go tlhama lenaka*: die maak en vul van 'n horing met kragmiddele.

A.12

Dinaka di nne, go na le:  
ya ntwā,  
ya lenyaio,  
ya mosepele,  
ya *phetolo ya dinaka* (12)

Lenaka la motse le tswa mo tshireletsong  
ya lenaka la ntwā, kegore ya marumo (13)

Daar is vier horings; naamlik:  
die van oorlog,  
die van die huwelik,  
die van 'n reis,  
die van die verandering van horings. (12)

Die horing vir die stat kom uit die  
beskutting van die oorlogshoring, d.w.s.  
die een vir wapens. (13)

A.13

**NGAKA KWA MOTSENG WA BADIMO**  
(Kgatla-ngaka, Rustenburg distrik, 7.3.63)

Kana ngaka e ka seka ya dira kwantle  
ga Badimo. Go rialo ke gore mo  
kalafing yotlhe ya gagwe, o tshepile bone  
badimo ba gagwe.

A ke re: go na le mosima o o bidiwang  
*Madimatla* ntlheng ya 'Thabeng ya  
manong' go pōta Thabazimbi kwa pele.  
Ke dumela gore e ka baa 'dimaele' di le 'forty'  
go tloga Thabazimbi go ya kwa teng.

Teng koo, ge o ka fitlha, o tla utlwa  
tsotlhe tse Modimo o di bopileng gam-  
mōgō le motho o Modimo o mmopileng  
ka mefuta yotlhe ya *metlhōbō*. (14)

Mme *metlhōbō* yotlhe e simologile  
ka kgomo le nku le podi le kgogo.

Kwa teng o tla utlwa mokoko o lla.  
E namagadi e  
tsamaisa bana mme o sa e bone;  
o utlwa 'Kur-kur-kur-kur'. Kgomo e lla  
ka mo teng, le namane ya yona. Mme  
motho o utlwa a gama ka mo teng:  
O utlwa a re: 'kūr, kūr, kūr, kūr' ge  
maksi a tsena mo *morufaneng*. Le  
mosadi a setla, moduuetso o letswa.

Ke gore ke one motse wa badimo,  
ebong batho ba *metlhōbō* yotlhe.

Ge o tsena mo teng, ke mosima o  
o motona o o ka fetang ntlu. Go lesedi  
ka mo teng le dinoka tsa metsi, tse  
di tshelwang.

**DIE NGAKA BY DIE VOOROUERS  
SE TUISTE.**

'n *Ngaka* kan natuurlik niks doen  
sonder (die hulp van) sy voorouer(geeste)  
nie. Dit beteken dat in sy hele genesings-  
praktyk vertrou hy op hulle: sy afgestorwe  
voorouers.

Laat ek so sê: Daar is 'n gat wat  
*Madimatla* genoem word aan die kant  
van die 'arensberg' (Kransberge) ander-  
kant Thabazimbi. Ek dink dit sal omtrent  
40 myl wees van Thabazimbi tot daar.

Daár, as jy daar sou kom, sal jy alles  
hoor wat God geskape het, asook die  
mens wat God geskep het met al die  
soorte skepsele (14)

En al die skepsele het begin met die  
bees en die skaap en die bok en die  
hoender.

Daar sal jy 'n hoenderhaan hoor kraai.  
Die hen stap met haar kuikens rond,  
maar jy sien haar nie; jy hoor net 'Kur-  
kur-kur-kur'. Die koei bulk daar binne-  
in en ook haar kalf. En jy hoor 'n  
mens daar binne-in melk. Jy hoor:  
'Kūr, kūr, kūr, kūr' as die melk val in die  
melkemmer. Ook die vrou wat koring  
stamp en die vrolike geluide gesing word.

Dit is omdat hierdie die tuiste (stat)  
is van die voorouer(geeste), nl. die mense  
van alle geslagte.

As jy daar ingaan dan is dit 'n groot  
gat, groter as 'n huis. Binne is dit lig  
en daar is riviere vol water wat mens  
deurgaan.

(12) *phetolo ya dinaka*: die horing met kragmedisyne om ander horings te versterk, en te vernuwe.

(13) Dit beteken dat die horing om die stat te beskut ook van die preparaat in die oorlogshoring kry

(14) *metlhōbō*: skepsele (diere, voëls, ens.), geslagte.

### A.13

Jaanong, ge ke tlhoka sengwe, ke etela badimo. Jaaka ma'loba ge ne ke tlhoka lee la legakabe, le le ntsietsang gore le e leng la le letonanyana ke le lefe mo maeng. Ke le ke tswang go le lôpa mo badimong.

Ke gore ge ke tse na fa mojakong wa teng, ke a rapela ka re:

“Modimo wa bo ntatemogolo.  
Ke lôpa go badimo,  
beng ba me,  
gore o ba nee se ke se  
lopang fano fa.  
Gobane bona,  
Wena o tla roma bona  
Go mpha sona,  
mesong ya kamoso phakela.  
Ge tsatsi le tlhaba,  
ke tlaa be ke le teng.  
Ke lôpa lee la legakabe le le  
ntsho mme e le le letonayana  
le ke tla le fiwang ke lona badimo,  
beng bame. Ke kopa go sebetsa  
ka lona. Ke mmitsa wa batho.”

Go na le motho o o tliilong  
'o arabana le wena ge o fetsa thapelo  
fa. Ge o a bula fela o tliilo go arabela  
mafoko a, gore se o se lopang ga se se  
o se fanang. Ke gore á go dirise wena  
fela ka sona. Mme go tliilo nna jaaka  
wena ge o se dirisa.

Jaanong kamosô mesong ge o tla  
fa, fa mosimeng o wa'Madimatle, se  
o se lopileng o tla se fitlhela fa maoto  
a gago a neng a eme teng.

Mme ga o kake wa se tsa'a kwantle  
ga thapelo, wa se lebogela.

Mme bona: o a romilweng go go  
na'a se o se lopileng, o a go bona  
mme o tliilo go laela kaga selo se o se  
kopileng; mme ga o mmone.

Go rialo go a ntshupegets a gore  
badimo ba teng, mme ba a utlwa mera-  
pelo ya rona bana ba bone, mme gape  
gore baa re thusa go re naya tse re ka di  
tlhokang.

As ek nou iets nodig het, dan gaan  
kuier ek vir die voorouers. Soos nou die  
dag toe ek 'n kraai se eier nodig gehad  
het, wat my dronkgeslaan het oor watter  
is nou 'n manlike een tussen die eiers.  
Ek het toe gaan vra by die voorouers.

As ek naamlik ingaan by die opening  
dan bid ek:

“God van my grootvaders,  
Ek vra van die voorouers wat my  
meesters is,  
dat u aan hulle sal gee wat ek nou  
hier vra.  
Want hulle,  
U sal hulle stuur  
om dit vir my te gee,  
môre-oggend vroeg.  
As die son uitkom  
dan sal ek hier wees.  
Ek vra 'n swart kraai se eier, maar  
'n manlike een, wat deur julle my  
voorouergeeste, my meesters, aan  
my gegee sal word. Ek vra dit om  
daarmee te werk. Dit is 'n 'sameroeper'  
van mense (wat ek wil maak)”.

Daar is 'n mens wat jou gaan antwoord  
as jy die gebed hier voltooi. Net sodra  
jy hulle (jou oë) oopmaak, dan gaan hy  
jou oor hierdie woorde antwoord, nl. dat  
dit nie iets is wat jy vir iemand anders  
mag gee nie. Net jy mag dit gebruik. En  
dit sal dan ook so gebeur, net soos wat  
jy dit gebruik.

As jy dan nou môre-oggend hier kom  
by hierdie gat van 'Madimatle', sal jy wat  
jy gevra het vind waar jou voete gestaan  
het.

Maar jy sal dit nie neem sonder om  
te bid, waarin jy daarvoor dankie sê  
nie.

Maar hulle: hy wat gestuur was om  
vir jou te gee wat jy gevra het, hy sien  
jou, en hy gaan vir jou opdragte gee  
aangaande dit wat jy gevra het; maar  
jy sien hom nie.

Dit wys vir my dat daar voorouer-  
geeste is, en hulle hoor die gebede  
van ons, hulle kinders, en verder dat  
hulle ons help om vir ons te gee wat  
ons nodig mag hê.

A.14

**PHEMELO**

(Kgatla-ngaka met Tlhako herkoms Botswana, 20.10.52)

Jaaka ge ke ntse yaana, ke iphemetse  
mele wame, le lapa la me, le banake, ka  
pheko ya me.

Ke gore le o o ka ntekang a re o a ntowa,  
o tla ipona! A ka lwala, gongwe a ka swa.

Jaaka babatlhano ba nka ba balang ka  
maina. O mongwe wa bona o dule  
kokokotlwana ge antse a phela. Madi a  
kile a mo rôba, ebile o dule mpa. E ne ele  
ngaka ya kgosana, ene oo.

**BESKUTTING**

Hier soos ek nou is, het ek my liggaam  
beskut, en my tuiste en my kinders, met  
my beskermiddel.

Dit beteken dat wie ook al sou probeer  
om my te toor, hy sal dit weet! (homself  
sien). Hy sal siek word, of miskien sal hy  
doodgaan

Soos die vyf wat ek met hulle name  
kan opnoem. Een van hulle het 'n  
boggelrug gekry terwyl hy nog geleef het.  
Die bloed het hom gebreek, en ook het  
hy 'n vet maag gekry. Hy was die  
*ngaka* van die onderkaptein, dié man.

A.15

**LESWALO LA NGAKA**

(Kgatla, Botswana, 1952)

*Leswalo* (1) le a tshubiwa gore le  
rapele matlhogonolo. Mme gape le ka  
dirisiwa ka go e tshasa mo matlhong.  
O e tshasa mo sefatlhegong, gore o bone  
matlhogonolo. O e tshasa ka metlha  
yotlhe. Ké bona bophelo ba motho.

Ge ke dira leswalo ke e dira ka  
*Mogokare* (2); ke tsa'a matlhare a more  
o, ke o sila, ke sen' o o omisa. Ke be ke  
o tlhakanya le mafura a diphilo, a podi.  
Gape go tla tsena mafura a phofu.

Le mafura a motho, mme e seng o  
o suleng. Ke a omongwe o a robegileng (3)  
kampo o bolailwe ke marumo.

Kampo nama engwe le engwe ya  
motho mosweu kampo yo montsho. Go  
tsewa a loleme, a phatla, a botonayana,  
a bonamagadi, a 'mogolo 'a ngwana',  
ke gore 'phate ya ngwana', kampo  
lerapo le tlhogo kampo bôkô ba motho —  
mosweu kampo montsho. Le ge e le  
tsotsotlhe tse, di ka tsena mo leswalong.

Go ka tsena gape mafura a noga e  
tona jaaka tlhware, kampo mokôpa,  
kampo mafura a tau.

**DIE NGAKA SE VOORSPOED-  
PREPARAAT**

Die voorspoedsalf (1) word gebrand  
sodat dit kan bid vir seëninge. En ook  
kan dit gebruik word deur dit aan die  
'oe' te smeer. — Jy smeer dit aan die gesig  
sodat jy die seëninge kan kry. Jy smeer  
dit altyd aan. Dit is hoe 'n mens lewe.

As ek 'n voorspoed-preparaat maak  
dan gebruik ek die *Mogokare*-plant.  
Ek neem van die blare, en maal hulle  
na ek hulle gedroog het. Dan meng ek  
dit met vet van 'n bok se niere. Ook  
moet daar eland-vet in kom.

Ook mensvet, maar nie van 'n mens  
wat dood gegaan het nie. Dit moet van  
een wees wat 'gebreek' (3) het of wat  
gesnuwel het deur 'n assegaai.

Of enige vlees van 'n witmens of 'n  
swart mens. Daar word van die tong  
geneem, die voorkop, die manlike of  
vroulike geslagsdele, die placenta of  
te wel 'die kind se slaapmat', of die kop-  
been of die brein van 'n witmens of  
swartmens.

Of selfs ook al hierdie dele, kan in die  
'Voorspoed-preparaat' kom.

Daar kan ook nog die vet van 'n groot  
slang, soos 'n luislang in kom, of 'n  
mamba of die vet van 'n leeu.

- 
- (1) *Leswalo*: 'n Voorspoed-preparaat van ongeskroeiende plante en vet om aan die gesig en hare te smeer. 'n Stukkie kan ook gebrand word as 'n gebed.
- (2) *Mogokare*:
- (3) 'n Mens 'gaan dood' van kragvermindering maar jy verongeluk of sneuwel in 'volle-krag'. Dus kan daar ook liggaamsdele geneem word van 'n persoon wat verongeluk het.

## A.15

Go na le morenyana o o ka tsenang mo leswalong, gatwe ke *Makgonatsotlhe*. (4) Ke go re ke selo se se sa pallweng ke sepe, ka le sona e le leswalo jaaka Mogokare.

Mo Setswaneng ga go na ope o a se nang leswalo. Ga a yoi! O mongwe le o mongwe o tshwanetse go ipatelela botshelo.

Leswalo la Mogokare le ke le tshotseng, ke la ngaka. Ge ke bona gore le a fela, ke tshwanetse gore ke le oketse le boele le ate gape.

Daar is ook nog 'n plantjie, wat in die 'voorspoedpreparaat' kan kom en dit word 'die-alles-regkry' genoem (4). Daar is niks wat dié plant nie kan regkry nie, aangesien dit self ook 'n 'voorspoedmiddel' is soos die Mogokare plant.

Volgens Tswana-gebruik, is daar niemand wat nie 'n 'Voorspoedpreparaat' het nie. Daar is nie een nie! Want elkeen moet vir homself die lewe soek.

Die Mogokare voorspoedpreparaat wat ek het is vir 'n *ngaka*. As ek sien dit word min, dan moet ek dit aanvul sodat dit weer meer kan word.

## A.16

### PABALLO YA NGAKA

Setlhare sa dingaka, se ba tlhapang ka sona, ke *Moragangaka*. (5)

Ba tlhapa ka sona gore ba se ke ba loiwa ke dingaka tse dingwe.

Ge motho a bona a jele se se sa siamang, o a o tsa'a a o phure, (6) a o metsi. Ka nakonyana fela o tlhatsa dijo tseo tse di sa siamang. Fela: o *tshwere*, (7) a seke a atamela dipitsa, ka go re dipitsa di ka seke tsa butswa sentle.

### DIE BESKUTTING VAN DIE NGAKA

Die plant waarmee die *dingaka* was is die bosboekenhout. (5)

Hulle was daarmee sodat hulle nie deur ander *dingaka* getoor sal word nie.

As 'n mens merk dat hy iets geëet het wat nie goed is nie, dan neem hy (van) hierdie (plant), kou 'n stuk daarvan en sluk dit in. In net 'n kort tydjie braak hy daardie kos wat nie goed is nie. Net: 'hy het dit': (7) Hy moet nie naby die kosspotte kom nie, want die potte sal dan nie die kos mooi gaar maak nie.

## A.17

### MOTLHAPISO WA NGAKA

(Kgatla, Botswana, 1953)

*Serokolo*, (8) fa se tsena mo *motlhapiso*, (9) foo go tlhapa ngaka fela. O tlhapa *sefifi*. (10) Go rokokolla ke go tsosa mo borokong. Se tlhakana le *Takaphepa* (11) le *Mosimama* (12) le *Letsididi*. (13)

### 'WASMIDDEL' VIR 'N NGAKA

As *Carissa bispinosa Serokolo* (8) in die 'wasmiddel' (9) kom dan was net die 'verduistering' af. *Rokolla* beteken om uit die slaap te wek. Die plant word gemeng met 'die reinwit' plant (11) en sambokbossie (12) en 'die koele'. (13)

(4) *Makgonatsotlhe*: (Pl. 340, 252), *Sphedamnocarpus pruriens*. Juss. Szysz.

(5) *Moragangaka*: (Pl. 71) *Pittosporum viridiflorum* Sims. bosboekenhout, stinkbas.

(6) *go phura*: om iets soos 'n boomwortel te kou. Kos te kou is *tlhafuna*.

(7) *o tshwere*: 'hy hou vas'; 'hy het dit'. m.a.w. hy is baie sterk toegerus; in hierdie geval tot so 'n mate dat selfs die vleis nie sal gaar word nie!

(8) *Serokolo*: *Carissa bispinosa* L. Desf. ex brenan. noem-noem. 'n sagte wit skynbaar wortelkern uit N. Tvl. Dit het 'n baie skerp reuk en smaak, soos knoffel. Dit word van tyd tot tyd deur die *ngaka* gekou en op die dolosse gespuug om hulle 'wakker' te maak.

(9) *motlhapiso*: water met middele in vir besprenkeling.

(10) *sefifi*: 'n verduistering.

(11) *Takaphepa*:

(12) *Mosimama*: (Pl. 4) *Senecio longiflorus*. sambokbossie.

(13) *Letsididi*: 'n Waterplant wat 'koel' is en dus afkoel. 'n *Ngaka* se hande moet 'koel' wees sodat hy die hitte, koors, uit die pasiënt kan wegneem.



B.1

**GO LAOLA BOLWETSE KA BOLA**  
(Kgatla-ngaka, Botswana, 1953).

Ge ke bileditswe molwetse, ke tloga ka thebele yaka ya ditaola. Mme ge ke tsena fa lapeng la molwetse ke a mo laola. Ke tla mo ra'a ke re: "Di khuele! (1) O re: 'Hu! Ke a lwala.'" O a di khuela, a re: "Hu! ke a lwala."

Ge di ka wa '*Lebôkôbôkô la noka*', e tla be e le gore molwetse o tsewa ke noka. Mme ba ntha'a ba re: "Mo alafe." Mme ge, ke tla re: 'Ditaola, a ko o di tsee gape o di khuêle.' Molwetse ke mo ra'a ke re: "O re: 'Ke batla magogodi a noka.'"

Mme o a di khuela, o di latlhela fatshe gape, a re: "Ke batla *magogodi a noka*." Ke yona pheko e e ka mo thusang.

Yaanong lewa la boraro le ke tla mo laolang ka lona gape e tla be e le *Moraro*. Ke mo ra'a ke re: "E re: 'Hu! Ke a folal' "

A re: "Hu! ke a folal " Di wela *Moraro*. Ke gore ke mo epele *Moraro* (2). Ke mo rarolle (3) ka ona, Ka gore o raregile.

Yaanong ke tla fetsa ka lewa la bofelo. Ke tla mo ra'a ka re: "Di tsee o di khuele gape o re: 'Di yeng thapo ka monate. Di goroge di robale.' " (4)

O a di khuela. O di latlhela fatshe. Di wêla *Lematla*. Ke gore: o tla tsoga. Ke mmatlele ditlhare. Ke tla mo êpêla *Lematla*. (6)

Ge a ka seka a fola, ke tla bona gore matsogo aka ga a monate, a bollo. (7) Mme ka tla batla melemo ke tlhapa ka yona, gore matsogo aka a tsidifale, ke tle ke kgone go alafa motho a fole.

**OM SIEKTE TE DIAGNOSEER DEUR DOLOSSE.**

Ke wa tsiko:* (4)  
*Kgaola nkgwe* (5) *mogala,  
O ye le yona  
Phalaborwa.*"

- (a) Ke gore: Ge jaaka o batla dikgomo o tla wêla moraka o o nang le dikgomo kante batho ba le bantsi.
- (b) Kante o laola pula, gore e etla.
- (c) Mo bolwetseng: Ke gore motho o na le disô ka mo teng ga mala a gagwe.
- (d) Motlhamongwe di go bolella gore motho o, ba kile ba bua ka go omanya Ke gore ga ba na lerato. Mme mpherefere ó, o ka ba tsietsi, jaaka boloi.

*DOLOSSE* (2)

*BEROERING* (3)

*Moremogolo* (senior manlik)  
*Jaro* (junior manlik)  
*Mmakgadi* (senior vroulik)  
*Lengwana* (junior vroulik)

Hulle 'loop' almal.

"*Hulle is in beroering  
Dit is van tsiko* (4)  
*Sny die bonte* (5) *se lyn af,  
En gaan met hom na  
die rooibok, van die suide.*"

- (a) Dit beteken: Soos wanneer jy beeste soek, sal jy op 'n veepos afkom met beeste of baie mense.
- (b) Of jy gooi die dolos oor die reën, naamlik dat dit kom.
- (c) In krankheid: beteken dit dat die persoon sere het binne in sy maag.
- (d) Of miskien sê hulle (die dolosse) vir jou dat hierdie persoon (i.v.m. wie die dolosse gegooi word) dat hy en ander rusie gemaak het. Dit wil sê hulle het nie liefde nie. En hierdie rusie, kan vir hulle teenspoed bring, soos byvoorbeeld toordery.

- 
- (1) Die *ngaka* het beweer dat hulle dié persoon toe na die polisie-stasie geneem het en dat hy skuldig bevind is. Skynbaar is hier 'n voorbeeld van die verlamme uitwerking wanneer die dolosse iemand in die openbaar van toordery of moord beskuldig. Soos by die verduideliking van elke 'val' blyk, gee die *ngaka* sy eie interpretasie volgens die omstandighede wat ondersoek word.
- (2) Die vier hoofdolosse van hierdie *ngaka* is plat skyfies, van 'n bees se been gemaak. Die vorm van die vier onderskei hulle. As die simbole boontoe wys dan 'trap' of 'loop' die dolosse. As die simbole grond-toe gekeer is, dan is hulle 'omgekeer'. Twee is manlik: Senior en Junior; en twee is vroulik: Senior en Junior.
- (3) *Mpherefere* of *Moferefere*: Al vier die dolosse se simbole wys boontoe: ' 'n Opstand, rusie, opskudding, beroering.
- (4) *tsiko*: (?)
- (5) *ngwe*: 'n bees met 'n wit gestreepte rug.
- (6) *Phalaborwa*: 'letterlik die rooibok van die suide.'

## B.40

## 'MOTLHAKOLA'

Di *ribegile* (1) tsothle:  
ga di tsaamae.

*"Motlhakola, go tweng  
fa go tlhakotswe?  
Go tlhakotsweng mogatsa  
kgosi?  
Mogatsa kgosi ga aa  
tswala."*

O ra'a motho o re: Ke a go laola.  
Ke go ra'a ke re: O kile wa bona  
nôga mo ntlung ya gago. Ge e  
se gore ke yalo, go na ie *moitlobo* (2)  
wa nôga o epetswe mo lapeng la'go.  
Ke gore ke boloi.

Yôna taola ê, e bolela gore motho  
ge a loilwe ka *moitlobo* wa noga, mme  
o epetswe mo sakeng, ke gore r'o  
tsaya setlhare se se bidiwang  
*Morarwana* (3) re rarolla golô fa.

Ke gore re fela *matlakala* (4)  
le go tlhatswa lapa leo. Ke *lefoka*. (5)

## 'OMKERING'

Hulle is almal omgekeer (1):  
Hulle 'loop' nie een nie.

*"Omkering, wat beteken dit as  
hulle omgekeer is?  
Waarom is die hoofman se  
vrou omgekeer?  
Die hoofman se vrou het nie  
aangetrek nie."*

Jy sê vir 'n mens: Ek gooi vir jou  
dolos. Ek sê vir jou: Jy het op een  
of ander tyd 'n slang in jou huis gevind.  
As dit nie so is nie, dan is daar 'n slang  
se vervelsel (2) in jou *lapa* begrawe.  
Dit beteken daar is toordery.

Hierdie dolos (valwyse) sê dat as  
iemand getoor is met 'n slang se ver-  
velsel en dit in die beeskraal begrawe  
is, dan gaan ons 'n plant neem wat  
*Morarwana* (3) genoem word, en ons  
gaan daarmee die toordery ontrafel.

Dit beteken dat ons die ongereg-  
teid (4) gaan wegvee en daardie 'lapa'  
reinig. Dit word 'wegveging' (5) ge-  
noem.

## B.41

## 'DIMATLA' (6)

*"Ke dimatla,  
Re a matlamatlana.  
Kgomo e matla ka namane,  
Podi e matla ka potsane;  
Ga go se se sa matleng,  
Ge e se pitse le kgokong.  
Ke tsona tse di sa matleng.  
Gatwe kwa Mogôfu pula e nele,  
Ga e a nna,  
E phalaotse (7) fela;  
E tlhatswitse dipitsi mebala  
Go mmatla bo tlou  
Bo kgabutle (8)  
Ba kgôtle (9) leraga."*

## 'RONDTRAP' (6)

*"Dit is 'rondtrap'!  
Ons loop oral rond.  
Die koei spring rond met haar kalf;  
Die bok spring rond met haar lam;  
Daar is niks wat nie rond trap nie,  
Behalwe 'n perd en wildebees.  
Dis hulle wat nie rondtrap nie.  
Hulle sê dit het gereën by Mogôfu.  
Dit het nie gereën nie.  
Dit het net verbygetrek.(7)  
Dit het net die zebras se kleure  
gewas.  
Die olifant, trap rond,  
En die apies hulle, (8)  
Hulle maak spoortjies (9) in die  
modder."*

- 
- (1) *ribegile*: soos 'n kleipot omgekeer, onderstebo.  
(2) *moitlobo*: 'n slang se vervelsel.  
(3) *Morarwana*: 'n rankplant.  
(4) *matlakala*: vuilgoed; hier toormiddels.  
(5) *lefoka*: go foka om te waai; om weg te vee, om iets wat getoor is te 'onttoor'.  
(6) *Dimatla*: Die manlike dolosse 'loop'; die vroulikes is 'omgekeer'.  
*dimatla ke go tsamaya ka maoto*: *dimatla* is om te voet te reis.  
ook plant No. 553: *Dicerocaryum zanguebarium*: duiwelsdis, dubbeltjiedoring, seepbossie  
(7) *phalaotse*: verbytrek van reën, 'stof nat maak'.  
(8) *kgabutle*: die blouapies (? )  
(9) *kgôtle*: om 'n gaatjie te steek; spoortjies te maak.

## B.41

Ke gore: Jaaka ge go ntse yaana ga go a loiwa. Ke gore o tsee ditlhare fela, o mo alafe. Motho o o tla fola.

Setlhare se o alafang ka sona ke *Dimatla*. Ke gore ke *Lematla*. Go tsewa segwere sa teng, o se thuge, Ge se sen'oma o se sile. O se loka mo mogopyaneng, o tshetse metsi mo teng. Se tihole matshegare a otlhe. Mantsiboa o bo o mo tihapisa ka sona. O ka mo tihapisa ka matsogo mmele otlhe fela.

Gape *Lematla* o tla le omisa o bo o le mo arametsa o le tshubile mo magaleng. (10)

Dit beteken in hierdie geval is daar nie getoor nie. Dit beteken dat jy net medisynes moet neem en hom behandel. Hierdie persoon sal gesond word.

Die plant waarmee jy behandel is duiwelsdis. Mens neem die bol en stamp dit stukkend. Nadat dit droog geword het maal jy dit fyn. Jy plaas dit dan in 'n bakkie nadat jy daar water ingegooi het. Dit moet die hele voormiddag daarin bly. Teen die aand was jy die kranke daarmee. Jy kan dan sy hele liggaam met jou hande was.

Ook sal jy van die duiwelsdis droog, en hom dit laat inasem nadat jy dit op gloeiende kole (10) gegooi het.

## B.42

## 'MORARO' (11)

*"Moraro wa thetha-motse (12)*  
*Ke legora.*

*Wa ga sedikedike (13)*  
*Ke a dikologa.*

*Ya re: tlou nka be*  
*e bipela baditsaba. Bana ba*  
*ga Mmasemôtô sa nawa."*

Ke gore: Fa teng fa, o raregile.  
Ke gore dilo tsa gago tsotlhe ga dinke di tswela pele.

Gape ke gore ge re batla sengwe kante kgomo kante motho, re tla mmona.

## 'DEURMEKAAR' (11)

*"Die deurmekaar wees van 'n stat*  
*te omring is by sy omheining.*  
*Van om en om gaan omring ek dit.*  
*Sê hy: die olifant kan liewers*  
*tussen die volklere wegsteek.*  
*Die kinders van Mmasemôtô van*  
*boontjies."*

Dit beteken: Hiersô is jy vasgedraai. Dit wil sê nie een van jou ondernemings sal suksesvol wees nie.

Ook beteken dit dat as ons iets soek, of 'n bees of 'n mens, sal ons dit vind.

## B.43

## 'MORARWANA' (14)

*"Di morarwana wa thethemotse: (15)*  
*Ke legora.*

*Ya tsoga, kolobe;*  
*Ya phôkô mašibila*  
*'Tsoku la me, ke*  
*tlôla mmele,*  
*Ga ke a silikwa*  
*Ke silikwa ke ntsi mafsing."*

## 'BIETJIE DEURMEKAAR'

*"Hulle is bietjie deurmekaar*  
*van statsomheining;*  
*Dit is 'n takheining.*  
*Die vark staan op;*  
*Die bokram van mašibila.*  
*Met my rooklei smeer ek die liggaam.*  
*Ek word dom gemaak, Dom gemaak*  
*deur vlieë in die melk."*

- 
- (10) Die fyngemaalde poeier word op die kole in 'n potskerf gegooi en die dampe dan ingetrek, deur die pasiënt wat gehurk sit met komberse toe te pak om uit te sweet, d.w.s. *arametsa*.
- (11) *Moraro*: waarskynlik van *rarega*, om vasgewoel of deurmekaar gekoek te wees; ook (Pl. 592): *Cyphostemma sulcatus* C.A.Sm.
- (12) *thetha*: omring, afrol, rondom.
- (13) *sedikedike*: van '*go dikadika*', in die rondte draai, omring.
- (14) *Morarwana*: die naam van 'n rankplant.
- (15) *thethemotse*: heining of muur om 'n stat.

B.43

Ke gore: ge re batla sengwe, re tla se bona kapele.

Ge re tsoma, re tla bona diphologolo ka bonako.

Ge e le molwetse di mmolella gore ge e le ngwana o na le dinôtana (16) mo meleng. Ke makhura<sup>(17)</sup> di pala 'o tswa.

Ke gore o agile le motho o o leng molôtsana.

Dit beteken dat as ons iets soek, dan sal ons dit spoedig vind.

As ons jag, dan sal ons gou-gou wild vind.

As dit 'n kranke is dan sê hulle (die dolosse) dat as dit 'n kind is, dan het hy krampe in die liggaam. Dit is swere wat weier om uit te gaan.

Dit beteken dat jy saam met 'n slegte persoon woon.

B.44

*DITAOLA*

(Kgatla-ngaka van Mathubudukwane, Botswana)

*Modimo* ke *theledi* (18) ya thakadu.

Ya e e namagadi

Ke *Modimo* o monamagadi.

Ya e e tonanyana ke ya

*Modimo* o motonanyana.

*Modimo* ke bontataago ba ba suleng. E ka baa rraago o a go tsetseng, kampo rraagomogolo kampo rraagwe o a mo tsetseng.

Gape e ka nna *Modimo* o o bopileng lefatshe.

*Modimo* o monamagadi ke bonkoko'ago.

Ngaka e e tonanyana ke *theledi* ya kolobe e tonanyana.

Ngaka e e namagadi ke *theledi* ya kolobe e namagadi.

*Ngaka e tonanyana* e supa kepu,<sup>(19)</sup> jaaka ge molwetse a lwala gore o mo epele melema a fole.

*Ngaka e monamagadi* ke gore ga o kake wa mo alafa, wena ngaka e tonanyana. O mmatlele ngaka e monamagadi. Ke yona e e ka mo alafang.

*DOLOSSE*

*'Modimo'* (God) is die astragalus.<sup>(18)</sup> (dolos) van 'n'erdvark'. 'n Wyfie erdvark se dolos is die vroulike godheid. 'n Manlike erdvark syne is die manlike opperwese.

*'Modimo'* is jou vaders-hulle wat dood is. Dit kan jou vader wees wat jou verwek het, of jou grootvader, of sy vader wat hom verwek het.

Ook kan dit die *Modimo* (God) wees wat die aarde geskape het.

Die vroulike *'Modimo'* is jou oumas-hulle.

Die manlike *ngaka* is die astragalus van 'n manlike 'vark'.

'n Vroulike *ngaka*, is die astragalus van 'n 'varksog'.

Die manlike *ngaka* wys na die graafyster, soos wanneer die pasiënt krank is en jy vir hom plante moet grawe sodat hy kan gesond word.

'n Vroulike *ngaka* (dolos) beteken dat jy haar nie sal kan behandel nie, jy wat 'n manlike *ngaka* is. Jy moet vir haar (nl. die pasiënt) 'n vroulike *ngaka* soek. Sy sal haar kan behandel.

(16) *dinôtana*: letterlik: knypies. Dus 'steke' in die ingewande.

(17) *makhura*:

(18) *theledi*: astragalus, dolos; hier die 'dolos'-beentjie in die agterste hakskeen van die erdvark. Die erdvark wat 'in die aarde woon' is in verbinding met die voorouergeeste wat ook onder die grond in grotte woon.

(19) *kepu*: die graafyster waarmee die *ngaka* plante uitgrawe.



B.45

**'MOTLHAKOLA WA GA BIBI' (1)**

*"Ga go na banna mo gae,  
 Ba go namolela letlhaka,  
 Letlhaka le fsa le rôra  
 Ke motlhakola o mogolo  
 waga lekgorokgoro. (2)  
 Wa ga leupana (3) le mollo  
 Wa ga 'tlhakana' fsa la  
 rôra."*

Ke gore: Di tshwa'a selo se se ntsho. Go kaya yaaka ge motho a sule.

**'WEKROEP – OMKERING'**

*"Daar is nie mans tuis  
 Om die riete te red nie,  
 Die riete brand uit en knetter.  
 Dit is die groot omkering van  
 'n groot lawaai.  
 Van warm kole en vuur,  
 Van riete wat knetterend brand."*

Dit beteken: Hulle verwys na iets wat swart is. Dit het betrekking op soos wanneer iemand dood is.

Ook: indien jy iets soek, dan sal jy dit nie vind nie.

B.46

**'MORARO WA SEDIKADIKE' (4)**

*"Wa sedikadike thatêlêgô (5)  
 ke matlhako; Lesepa le le golo  
 ke la moeng,  
 La mong, 'a gae pipitlwana. (6)  
 Se re: 'bola bogo'.  
 Bo go ntsha wa lôba;  
 Wa re: 'Ga se nna',  
 Ka moraro wôd."*

Tlhaloso: Lesepa le moeng ka ke ene o o jang thata, o nyela go le go tona. Ebile o nyela mo gae. Athe rona re ya kgakala mme e le go le pipitlwane.

Tlhaloso ke go re ge a loile, re tla re go loile o wa moeng o o tlang a tsamaya. Tsona ditaola di bolella di ganetse. Di re: se yeng kgakala. A re: tshwarang matlhako a mong a gae. Ke ene o o mólotsana.

**'DEURMEKAAR IN DIE RONDTE' (4)**

*"Van in die rondte gaan die  
 omringing (5) is 'n takheining;  
 Die groot ontlasting is van 'n besoeker,  
 Die huiseienaar s'n is niksbeduidend. (6)  
 Moenie sê: Straf die skoonfamilie nie.  
 Dit wys jy steek iets weg.  
 Jy sê: 'Dis nie ek nie',  
 In daardie deurmekaarspul."*

Verduideliking: 'n Besoeker eet meer en ontlas baie naby die huis waar hy kuier. Maar ons (huismense) gaan verder en ontlas minder.

Die betekenis is dat as daar getoor word dan sê ons dit is hierdie besoeker wat kom en weer gaan. Maar die dolosse beweer die teenoorgestelde. Hulle sê: moenie vër gaan nie. Hulle sê: beskuldig die gekapte takke van die huisbewoner. Hy is die slegte persoon.

---

(1) Al vier die dolosse is omgekeer en lê onderstebo.  
*'Bibi', ke mokgosi:* 'n wekroep, hulp geroep.

(2) *lekgorokgoro:*

(3) *Leupana:*

(4) Drie van die dolosse 'loop'. Net *Jaro* (junior manlike dolos) is omgekeer.

(5) *thatêlêgô:* omringing, gevleg.

(6) *pipitlwane:* klein, verpot.



B.47

'MORARWANA WA SELESELE' (1)

"Morarwana wa Selesele.  
Ke a sellêga. (3)  
Ke sala ke ja selabyê mafsing.  
Selabyê (4) se tla le motsa-a-  
kgamelo."

Ke gore: Ge re tsholelwa dijo mme  
ra welwa ke kotsi mo dijong tse, o  
neng a re fa dijo, ke ene o a itseng  
*molemo* (5) o mo dijong.

'BIETJIE DEURMEKAAR MAAR  
SNAAKS' (1)

"Bietjie deurmekaar wat baie snaaks  
is.  
Ek voel snaaks.  
Ek het laas iets giftigs in die melk  
gedrink.  
Die gif het saam met die emmer-  
draer gekom".

Dit meen: as kos vir ons opgeskep  
word en 'n onheil ons oorval vanweë  
hierdie voedsel, dan sal die een wat vir  
ons kos gegee het weet van die giftige  
bestanddeel wat in die kos is.

B.48

MORARWANA WA SEDIKADIKE WA  
THATELEGO KE MATLHAKU. (6)

"Morarwana wa Sedikadike  
Thatêlêgô ke matlhaku. (7)  
Ya re sa morarwana ga se kgolê,  
Se mabulelong a lobati."

Tlhalosô: Ke yaaka motho ge a jele  
molemo mo sejong, (moloji) ga a kgakala,  
o gaufi.

BIETJIE DEURMEKAAR IN DIE  
RONDTE VAN OMRINGING MET  
GEKAPTE TAKKE. (6)

"Bietjie deurmekaar in die rondte  
omringing is gekapte takke. (7)  
Hy sê die deurmekaarmaking is  
nie vêr nie  
Dit is by die deurse ingang."

Die betekenis is: Soos wanneer 'n  
mens iets giftigs in sy voedsel geëet  
het, dan is die toornaar nie vêr nie,  
maar naby.

- 
- (1) *selesele*: heeltemal anders, snaaks, vreemd.
- (2) *Moremogolo* is omgekeerd. *Jaro o hupile* hy 'hou die asem in', steek iets weg, hierdie dolos staan op die gesnyde kant.) Die ander twee vroulike dolosse 'loop'. *hupile*: om 'n teug vol te neem (soos bier). By dolosse meen dit: 'het iets wat hy wegsteek'. so lyk iemand wat boos is: opgeblase vol mond!
- (3) *sellega*: om snaaks te voel van 'n vol maag (*gê mpa ya me e tletse*).
- (4) *selabyê*: *molemo o o bolayang*: 'n dodelike middel.
- (5) *molemo*: *setlhare se se bolayang*: 'n plant (middel) wat doodmaak, gif.
- (6) By hierdie valwyse 'loop' al die dolosse behalwe *Moremogolo* wat omgekeerd op sy rug lê.
- (7) *Thatelego ke matlhaku, ke bodikologa*: is 'n omringing, omsingeling.

B.49

'DIMATLA' (1)

Pubagadi le Kgatsane ba ribegile  
ba robetse  
ga di na mmala  
ga di 'bereke' sepe.

"E dimatla, (2)

Tlhabana a kgomo'. (3)

Ya re matlane wa matlamatla.

Kgomo e matla ka namane,

Motho o matla ka setlhako." (4)

Ke gore ge o batla selo, o bolle, (5)  
o'o se batla. O tiye mòkò, (6)  
mme ge Modimo o rata wa se bona.

'OP REIS' (1)

Pubagadi en Kgatsane is omgekeer  
hulle slaap  
hulle het geen kleur nie  
hulle doen niks nie.

"Sy is op reis,

Die donkerbruin geelbek koei.

Sy sê reis, reis,

Die bees loop weg met haar kalf.

'n Mens loop met skoene aan."

Dit beteken dat as jy iets soek,  
moet jy op reis gaan om dit te gaan  
soek. Jy moet moed hou, en as  
Modimo wil sal jy dit kry.

B.50

(a) 'MOGOLORE' (7)

"Mogolore (8) wa mmele

Wa mojasefuta, (9)

tsa nna manna-a-ditshôlê." (10)

Tlhalosô: Ke gore motho ge  
a le mogolowô mme a go tsere kgaba. (11)  
Ke gore bolwetse bo ga bo na boloi. Bo  
dirisitswe ke pelobotlhoko ya mogolowô.

(a) DIE BLOUKRAANVOËL (7)

"Kraanvoël (8) met die liggaam wat  
allerlei eet (9)

word die velvreterinsekte." (10)

Die betekenis is dat as iemand jou  
ouer broer is en met 'n verwensing teen-  
oor jou staan. (11) Dit beteken dat  
hierdie siekte geen toordery het nie.  
Dit is veroorsaak deur die kwaai  
gevoelens van jou ouer broer.

B.51

(b) 'MOGOLORE WA MAKOKOMA' (12)

"Mogolore wa mmele

Makôkôma wa Moja-sahuta

Sentse manna- a - ditshôlê."

Tlhaloso: (a) Ke boloi ba ga  
mogolowe ene molwetsi o.

(b) Kampo ge o batla dikgomo: ga o  
kake wa di bona, ka di loilwe ke  
mogolowô.

(c) Kampo ge ntlo yago e fselê, ke  
tla re: Ke boloi ba mogolowô. (13)

(b) 'DIE BLOUKRAANVOËL VAN  
SWELSEL' (12)

"Die kraanvoël van die liggaam  
Swelsels van allerlei te eet is nog  
die vel-vreter insekte."

Die betekenis is: (a) dit is toordery  
deur die ouer broer van hierdie kranke.

(b) Of as jy beste soek: sal jy hulle  
nie kry nie, daar hulle deur jou ouer  
broer getoor is.

(c) Of as jou huis afgebrand het,  
sal ek sê: Dit is die toordery van jou  
ouer broer. (13)

(1) Die manlike twee 'loop', die vroulike twee is 'omgekeer'.

(2) *dimatla, ke go tsamaya (ka maoto): matla* is om (te voet) te reis.

(3) *tlhabana*: rooibruin koei met geel bek.

(4) *setlhako*: skoen, hoef, dolos.

(5) *bolla*: om op reis te gaan.

(6) *tiya mmoko*: 'die murg hard maak', moed kry.

(7) Die Senior paar 'loop', en die Junior paar 'slaap'.

(8) *Mogolore*: bloukraanvoël.

(9) *mojasefuta*: allerlei eet.

(10) *manna-a-ditshôlê, ditshôlê* is goggatjies wat velle eet.

(11) *kgaba, ke go tshwara motho ka pelo e botlhoko*: verwensing: om met kwaai gevoelens teenoor iemand te staan.

(12) Die Junior paar 'slaap'. Senior vrou 'loop'. Senior man 'het 'n mond vol', d.w.s. steek iets weg (staan op gesnyde kant).

(13) Hier vind ons die oorsaak, nl. hierdie valwyse, vir wat dikwels aangevoer word: "Dit is toordery deur my familie wat jaloers is op my".

B.52

'SETLHAKO' (1)

*"Setlhako sa bo Rare:  
Sa ka, ga se a ntekana, Kana  
ke se segetswe ke Rare  
Kana yaanong se ntekana  
dinao."*

Kegore: (a) Ge ke batla selo, ke be ke di laola jaaka dikgomo, ke tla re di tshwerwe ke rraago; ke dikgaba.

(b) Kampo mo bolwetseng e tla be e le kgaba yo rraagwe. Ene raagwe o a phelang.

'SKOEN' (1)

*"Vader se skoen:  
My eie (skoene) pas my nie,  
Vader het vir my skoene  
gesny  
Nou pas dit vir my voete."*

Dit beteken: (a) As ek iets soek en daaroor dolos gooi, soos bv. beeste, dan sal ek sê: "Jou vader hou hulle vas; dis 'n verwensing."

(b) Of by siekte sal dit die verwensing van sy vader wees. Sy vader wat nog leef.

B.53

'MOGOLORE WA KUDUMELA' (2)

*"Mogolore wa Kudumêla  
Kudumêla mo tshware!  
Kudumêla mo lesê"*

Ke gore ge o tshwerwe ke bolwetse, o le bollô, yaanong ge, ke: 'Kudumêla mo tshware'.

Ge gotwe 'Kudumêla mo lese', go teiwa gore bollo bo fokotsegile. Go kaya gore bollo bo tla feta. Ke ge a le bolwetse.

Ge e le mo dikgomong, re tla re: 'Moremogolo, ene Rraago, pelo e botlhoko mo dikgomong tse. Mme mo re a tle re di tlhapise, (3) mme di tla fola.

Ge rraagwe a sule, re ya kwa phupung ya'gwe. Re yo tsaya mmu wa phupu ya ga rraagwe. Re be re tsa'a *Morarwana* le *Selaole* (4) *Kgopo* (5). Re a di thuga re lôka mo metsing a lengeta. Re yo *foka* (6) ka ona, dikgomo tse, re tshotse seditse. Yaanong re tla be re di alafile. Kegore di *kgopologile*. (7)

'DIE KRAANVOËL VAN KUDUMELA' (2)

*"Blou kraanvoël van Kudumêla  
Kudumêla vang hom!  
Kudumêla laat staan hom!"*

Dit beteken dat as jy siek is en koorsig is, dan is dit: 'Kudumêla vang hom! "

As daar gesê word: 'Kudumêla laat staan hom', dan word bedoel dat die koorsigheid bedaar het. Dit beteken dat die koors sal verbygaan. Dit is in gevalle van siekte.

In die geval van beeste, sal ons sê: 'Die Senior manlike dolos, jou vader, sy hart is seer wat hierdie beeste betref'. In hierdie geval 'was' (3) ons hulle gewoonlik, en hulle word gesond.

As sy vader dood is, dan gaan ons na sy graf. Ons gaan neem van sy vader se graf se grond. Ons neem dan ook van plante *Morarwana*, laventelbossie (4) en *Commelina* (5) Ons stamp dit fyn en sit dit in 'n potskerf met water. Hiermee gaan ons die beeste dan besprenkel (6) met 'n (wildebees-) stert. Dan het ons hulle genees. D.w.s. hulle is 'reguit gemaak'. (7)

- 
- (1) Die Senior vrou en Junior man: 'slaap'. Die Junior vrou en Senior man: 'loop'.
  - (2) Senior manlik: 'hou sy asem in', is boos.  
Junior manlik en vroulik: 'slaap'.  
Senior vroulik: 'loop'
  - (3) 'was', rituele reiniging deur besprenkeling met 'reinigings'-medisyne.
  - (4) *Selaole*: (Pl. 510) *Lippia rehmannii* Pears; laventelbossie.
  - (5) *Kgopo*: (Pl. 157) *Commelina albescens*.
  - (6) *go foka*: om medisyne te sprenkel vir reiniging of beskerming teen toordery.
  - (7) *kgopologa*: van *kgopo*, krom. dus reguitmaak.

## B.54

## 'MASOKOMABE A BOMATLA' (1)

"Tsa re:  
Di masokomabe a bomatla,  
Tsa re:  
Matlana o a matlamatla."

Tlhalosô:

(a) Ke jaaka ge re le fano re laola re re: 'Maru a tloga a duma'. Yaaka ge ke le mo nageng ge mekgoro e le kgakala, ke itaola, di wa yaana di re: 'Masoko', ke a tshaba, ke re: 'Pula e etla'. Mme ge Modimo o rata, e nne.

(b) Ge ke ile go yo laola molwetse di fete di wa di re: 'Di masokomabe a bomatla, 'ka re: 'Ao monna, o ngaka! ' Ge a nkganetsa ka re: 'Ditlhako, tse di a mpoella gore o ngaka'. Ge a nth'a a re: 'O bonang? ' Ke tla mo ra'a a ke re: 'Kana di nthaa di re: "O laola motlhale jaaka wêna." (2)

Mme ge ke biditswe fa lapeng, gotwe: "Moletswe o teng fano, tla o mo laole," ele molwetse wa mosadi, mme ge di fitlha di re: 'Di masoko-mabe', ke a tloga ke mmolella ge a nth'a a re ke mo laole, ke tla mo ra'a ke re: "Ditaola tse di Masoko-mabe. Tsa re: 'Lapa le makete' ". Ke kgaogana le enel! (3)

## 'SLEGTE KRAGTE' (1)

"Hulle se:  
Hulle is slegte kragte.  
Hulle sê:  
Die reisiger loop vinnig."

Verduideliking:

(a) Dit is soos wanneer ons nou hier dolos gooi en ons sê: 'Die wolke sal netnou dreun'. Soos wanneer ek in die veld is en die hutte vêr weg is, en ek vir myself dolos gooi, en hulle só val en sê:

'Masoko' dan is ek bang en sê: 'Die reën kom'. As *Modimo* wil, dan reën dit ook

(b) As ek gegaan het om vir 'n kranke dolos te gooi en hulle val en sê: 'Hulle is 'slegte kragte', dan sê ek: 'maar man, jy is 'n *ngaka!* ' As hy met my stry dan sê ek: 'Hierdie dolosse sê vir my jy is 'n *ngaka*. As hy vir my sê: 'Wat sien jy?' dan sal ek vir hom sê: 'Hulle sê mos vir my: "Jy gooi dolos vir een net so slim soos jyself." (2)

Indien ek geroep word na 'n *lapa* (tuiste) en hulle sê: "Hier is 'n kranke, kom gooi vir haar dolos", en dit is 'n vrou wat siek is, en as ek daar aankom en die dolosse sê: 'Slegte krag' dan sê ek vir haar as sy sê ek moet vir haar dolos gooi: 'Hierdie dolosse val: 'Slegte kragte'. Hulle sê: 'die *lapa* is moeilik' ".

Ek gaan dan weg van haar! (3)

## B.55

## 'MABYANA A TLHAPADIMA' (4)

"Mabyana (5) a tlhapadima(6)  
o thumathuma  
o tlhapathapa yaang  
segogwana?  
Tlheng o thumathuma  
o tlhapathapa la go tsewa ke kwêna? "  
Ke gore: mo leweng lê, ke jaaka:

Ge ke bileditswe motho a agile motse wa gagwe mme a re ke tle ke laole motse o wa gagwe, ge di fitlha di wa 'Mabyana a 'o tlhapang segogwana', ke mo ra'a ke re: "O tshwenya batho. O romolla batho, mme o tla fetsa ka go swa." Ke a mo tlogela.

## 'SPITSKOPPE VAN DONDRSLAE' (4)

"Spitskoppe (5) van donderslae (6)  
Hoe swem-swem jy,  
hoe was-was jy dan, padda?  
Waarom swem-swem jy  
en was-was jy  
om deur die krokodil gevang te word.

Dit beteken dat met hierdie valwyse is dit soos:

As ek ontbied word vir iemand wat sy huis gebou het en hy sê ek moet kom dolos gooi vir sy huis, as hulle dan val op hierdie valwyse: 'spitskoppe' van: 'hoe was jy padda', dan sê ek vir hom: "Jy pla die mense, en jy bewerkstellig jou eie dood " Ek verlaat hom dan.

- (1) Die twee manlike dolosse: 'hou die asem in'. Die twee vroulike dolosse: 'slaap'.
- (2) Hier is 'n voorbeeld van hoe die *ngaka* self glo in wat sy dolosse sê.
- (3) D.w.s. die mense van hierdie *lapa* is 'wolwe', nl. toornaars.
- (4) Senior manlik: 'hou die asem in'. Junior manlik 'loop'. Junior vroulik: 'loop'. Senior vroulik 'slaap'.
- (5) *mabyana*: klipkoppe, spitskoppe.
- (6) *tlhapadima*: donderslag, knalskoot.

**B.55**

Fa gongwe o tla ntha'a a re: "Nkalafe". Mme ke tla mmatla podi. Ke a e bola'a ke mo phekola ka yona ka *Mpitike* (7). Ke thutufatsa metsi gore a bele, ke be ke tlhakanya le moswang wa podi e, le *Mpitike* o, mme ke mo ra'a ke re: "Apola". Ke be ke tsa'a seditse saaka, ke se ina mo metsing a a belang a, mme ke mo gasa ka ona. Ke tla be ke *foka*. (8)

O a tshoga, a re o tla fsa; mme ga a kake a mo fisa, mme a na a ntse a bela, metsi a.

Jaanong ke tla kgona go mo epela melemo e a tla e apayang a e nwa, ebong *Seretlwana* (9), le *Kgophane* (10) *Phate-a-ngaka*, (11) le *Mogabala*. (12)

Ge e le kaga masimo, tshimo e tla be e loilwe, e loilwe ka kwena. Mme re tla tsa'a kwena re e thuga re e tlhakanya le *Mosimama*, (13) le *Thetjane*, (14) le *Sejabaleki* (15) le *Matlwadiolo*, le *Mogobagoba* (16) le *Kgophane*, re e tlhapisa ka seditse.

O tsaya one mabele a a tlhogang, ke sone seditse se o fokang ka sone. Ge a seyo, ke gore o ka tsaya seditse sa kgokong.

Moontlik sal hy vir my sê: 'Behandel my'. Ek sal dan van hom 'n bok vra. Ek maak dié dan dood en voorsien hom van kragmiddele met die *Mpitike*-plant. (7) Ek verhit water totdat dit kook, en meng dit met die pensmis van hierdie bok en hierdie *Mpitike*-plant, en ek sê aan hom: "Trek uit". Ek neem dan my wildebeesstert en doop dit in hierdie kokende water, en besprinkel hom daarmee. Ek is dan besig met 'n besprinkeling teen toordery. (8)

Hy skrik, want hy dink hy sal brand; maar dit sal hom nie brand nie, hoewel hierdie water staan en kook.

Nou sal ek vir hom middele kan grawe wat hy kan kook en drink, nl. Die *Seretlwana*-plant (9), die gras-aalwyn (10), die bolplant *Brunsvigia radulosa* (11), en *Mogabala* (12).

As (hierdie valwyse) betrekking het op landerye, dan is die land getoor met 'n krokodil. Ons neem dan van 'n krokodil en stamp dit fyn en meng dit met *Senecio longiflorus*, (13), *Schizocarphus*, (14) *Scilla lancifolia*, (15) *rysmiernes*, *Plectranthus* (16) en gras-aalwyn, en ons besprinkel die land met die stertkwas.

Jy neem van daardie koringplantjies, wat groei, dit is jou 'kwas' waarmee jy besprinkel teen toordery. As daar nie jong plante is nie, kan jy die wildebees se stertkwas neem.

---

(7) *Mpitike*:

(8) *foka*: besprekeling om te beskerm teen toordery.

(9) *Seretlwana*:

(10) *Kgophane*: *Aloe Transvaalensis*.

(11) *Phate-a-ngaka*: *Brunsvigia radulosa* Herb.

(12) *Mogabala*:

(13) *Mosimama*: (Pl. 4) *Senecio longiflorus*. (DC.) Sch. Bip. sambokbossie.

(14) *Thetjane*: *Schizocarphus* of *Scilla* sp.

(15) *Sejabaleki*: (Pl. 535) *Scilla lancifolia* Bak.

(16) *Mogobagoba*: (Pl. 346) *Plectranthus cylindraceus* Hochst. ex Benth.

## B.55

Ge e le mo kgomong, go kaya  
gore di loilwe ka 'tlhapi e tona ya noka',  
kegore kwena. Ge e se teng, go tsewa  
masepa a yona. Re a a thuga re be re  
a lôka mo lengeteng. Ke be ke tsa'a  
*motlhaka* wa noka, modi wa ona, le  
*Morara*, (17) le *Mabofe*, (18) le  
*Sejabaleki*, le *Mpitike* le *Bogoma*, (19)  
le *Mogabala*, segwere sa yona,  
*Lematla* (20) le *Selaole*, (21) le  
*Motshwarakgano*, (22) le *Mfhitswana*; (23)  
ke di thuga tsotsotlhe ke di loke mo  
lengeteng

Ke tshella metsi a eseng a nowe ke  
ope ge mosadi a tswa nokeng. Ke ga  
one, ke be ke ya kwa sakeng ka lengeta  
le, ke tshotse seditse, mantsiboa ge  
dikgomo di goroga. Ke tla di foka ka  
seditse ke se ina mo lengeteng mo, mo  
ditlhareng. Ke tla be ke di gasa tso  
tsotlhe, ke be ke tsamaa.

Ge di tsala, ba tla be ba mpha kgomo  
e ba ntebogang ka yôna.

In die geval van beeste, beteken  
dit (hierdie valwyse) dat hulle getoor  
is met 'die groot riviervis', d.w.s. met  
die krokodil. As daar nie van hom (die  
krokodil) beskikbaar is nie, kan van sy  
mis geneem word. Ons maak dit fyn en  
gooi dit in 'n potskerf. Ek neem dan  
rivierriet se wortels, asook van die  
*Cyphostemma* plant (17) en *Cissus*  
*quadrangularis* (18), *Mpitike* en  
*Sataria sphacelata*, (19) die *Mogabala*-  
bol, duiwelsdis, (20) laventelbossie (21)  
en *Tavaresia grandiflora* (22) en  
swartstorm; (23) ek stamp hulle fyn  
en sit hulle in 'n stuk kleipot.

Ek gooi water wat geen mens nog van  
gedrink het nie daarin, wat die vrou van  
die 'rivier' (waterbron) gebring het.  
Ek skep daarvan en neem dan hierdie  
stuk kleipot na die beeskraal saam met  
die stertkwas, in die aand wanneer die  
beeste tuis gekom het.

Ek sal hulle (die beeste) teen toordery  
besprinkel met die stertkwas wat ek in  
die potskerf doop in die 'medisynes'.  
Ek sal hulle almal natspat en dan weg-  
gaan. As hulle gekalf het, dan sal hulle  
(die eienaars) vir my 'n bees gee waar-  
mee hulle my dank.

## B.56

'MABYANA A GA: KONOPA  
MOKGATLA'

"*Mabyana a ga konopa* (25)  
*Mokgatla* (26) ke *kobê* (27)  
o tla bona *Mokgatla a tloa*  
a ba a *gôna* (28) *tlhafu*." (29)

Ke tla ra'a motho o ke mo laolang  
ke re: "O *Mokgatla*, o bina kgabo,  
ka e le 'Mabyana a Bakgatla!'

'SPITSKOPPE VAN: GOOI DIE  
MOKGATLA' (24)

"*Spitskoppe van: Gooi die blouaap*  
*met 'n assegaai*.  
*Jy sal sien die Mokgatla spring en*  
*hou op met kou.*"

Ek sal aan die persoon vir wie ek  
dolos gooi sê: "Jy is 'n *Mokgatla*, jou  
totemdier is die blouapie, daar hulle  
(die dolosse) van die *Bakgatla*' (geval  
het).

(17) *Morara*: (Pl. 592) *Cyphostemma sulcatus* C.A.Sm.

(18) *Mabofe*: *Cissus quadrangularis*.

(19) *Bogoma*: *Sataria sphacelata* (Schum.) Stapf. & Hubb.

(20) *Lematla*: (Pl. 553) *Dicerocaryum zanguebarium* (Lour.) 'duiwelsdis.

(21) *Selaole*: (Pl. 510) *Lippia rehmannii* Pears, laventelbossie.

(22) *Motshwarakgano*: (Pl. 74) *Tavaresia grandiflora*.

(23) *Mfhitswana*: (Pl. 412) *Cadaba aphylla* (Thunb.) Wild, swartstorm, bobbejaanarm.

(24) Die senior manlike dolos 'loop'; die junior manlike 'hou die asem in'.

die senior vroulike dolos 'slaap', die junior vroulike 'loop'.

(25) *konopa, kolopa*: gooi.

(26) *Mokgatla*: die blouapie, totem-dier van die *Bakgatla*.

(27) *kobê, lerumo*: assegaai.

(28) *gôna*: snork, intrek.

(29) *tlhafu, tlhafuna*: om te kou.



**B.56**

Ge e le mo bolwetseng, go kaya kgaba ya Mokgatla mongwe le mongwe wa lesika la gabô o a binang kgabo le ene.

Yaanong ke tla mo tlapisa ke mmatlile *Mabyana* (30) ke a thuga, ke a tshella mo mogopong, le *Morarwane* (31) le *Bofitlha*. (32)

O a tlapisa a bitsa barwarraagwe ka maina ba ba tsetsweng nae, mme ge a fetsa o a tlapisa. A ba a ribêga mogopo fa kgorwaneng. Kgaba yaanong e tla fôla (33) mo go ene, mme Modimo o rata, o tla fola.

**MASOPYE (34)**

(Kgatla-ngaka, Saulspoort Tvl. 1962)

Ge dikêlêrô (35) di re:  
 "Masopye o nole metsi dikgageng,  
 Tshwarang masopye le  
 mmolae.  
 Tse di dinaka di ya re pilla." (36)

Go tewa motho a kgôna go ja ka kelello ya gagwe, a phedisa nama ya mmele wa gagwe ka mo batho ba bangwe ba a go ila ka go phedisa kemo ya botho. (37)

In 'n geval van siekte wys die val na verwensing deur 'n *Mokgatla*, enigeen van hul familie wat die aap ook as totemdier het.

Ek sal hom dan 'was' nadat ek vir hom 'Sutera burkeana' (30) gesoek het, en dit fyn gestamp en in 'n houtbord gegooi het, saam met die *Morarwane*-plant en die *Bofitlha*-plant

Hy was (daarin) terwyl hy die name uitroep van sy vader se seuns wat saam met hom verwek is. As hy klaar is dan was hy. Dan keer hy die houtbord om by die poort. Die verwensing sal dan afkoel (33) in hom, en as *Modimo* wil sal hy gesond word.

**B.57**

**DREUNING**

As die dolosse(35) sê:  
 "Masopye het water in die klipkuile gedrink,  
 Vang vir Masopye en maak julle hom dood.  
 Die wat horings het raak ons baas." (36)

Hier word gepraat van 'n mens wat dit reg kry om deur sy vernuf te lewe, wat dit reg kry om sy liggaam te laat lewe, en wel in so 'n mate dat ander mense jou haat deurdadig jy jou persoonlikheid in stand hou. (37)

(30) *Mabyana*: Sutera burkeana Hiern.

(31) *Morarwane*:

(32) *Bofitlha*:

(33) *fôla*: om af te koel, gesond te word. Koelheid hangs saam met gesondheid.

(34) *Masopye*: dreuning. Al die dolosse 'loop' behalwe die Senior vrou wat 'slaap'.

(35) dikêlêrô, ditaola: dolosse.

(36) pilla, di a pallwa: nie in staat wees, baas raak.

(37) So het die dolosse geval toe die huis van E.M. deur die weerlig getref is (1962). Die interpretasie wat gegee is was dat sy vrou se tante (haar vader se suster) van haar (hierdie vrou van E.M.) beste opgepas het en van die jong kalwers vir haarself gebrand het, en die tante wraak wou neem toe sy hierin gestuit is.



B.58

MAKGOLELA (1) A KGATLHA A  
KHUNWANA (2)

*“Ke makgolela a kgatlha a  
khunwana,  
E mogwe ya re ge a bona  
mogwagwadi,  
a nne a ntse a inamainama.”*

*Makgolela* ke gore: go newa mpho  
jaaka kgomo, kampo diaparo kampo  
'tselete'.

DIE GESKENK WAT DIE ROOIBRUIN  
KOEI BEHAAG. (3)

*“Dit is die geskenk wat die rooibruin  
koei behaag.  
Die skoonseun as hy sy  
skoonmoeder sien,  
Bly gebukkend sit.”*

*Makgolela* beteken dat daar 'n geskenk  
gegee word soos 'n bees, of klere, of geld.

B.59

MAKGOLELA A SELOMI (4)

*“Makgolela a Selomi”* ke ge o  
newa selo se se tla utlwisang mala  
botlhoko ge motho a se jele.

Ke gore dikêlêrô di raya selo se  
se jewang mme se le maswe, ka gore  
e le sa boloi se motho a sa tshwanelang  
go se ja; gobane se na le ditlhabi.

'DIE GESKENK VAN DIE BYTER' (5)

*“Die geskenk van die Byter”* is wan-  
neer iets aan jou gegee word wat die  
maag sal seer maak as mens dit geëet  
het.

D.w.s. die dolosse verwys na iets wat  
geëet word maar wat nadelig is, nl.  
iets van toordery wat mens nie behoort  
te eet nie, want dit sal pyne veroorsaak.

B.60

BOKGATHA (6)

Tsa re: *“Bokgatha. Ke gore  
bogara (8) bo garatsa dingaka.”*

Dikelero ge di wa di re:  
'Bokgatha', di kaya selo se se popota se  
se pallang dingaka; kgotsa sengwe le  
sengwe se se tla pallang batho, jaaka  
puo kampo potso, kgotsa tiro kampo  
bolwetse bo le thata go alafisega.

'NUWE GROND BRAAK' (7)

Hulle sê: *“Nuwe grond braak.  
Dit beteken die ineengestregelde (8)  
probleem verstrik die dingaka.”*

As die dolosse val en sê: 'nuwe grond  
braak', dan bedoel hulle iets groots wat  
die *dingaka* nie kan oplos nie; of enig-  
iets wat mense nie sal regkry nie, soos  
'n saak of probleem, 'n taak of krank-  
heid wat moeilik is om te genees.

B.61

'MABYANA'

*“Tlhabana ya kgomo ya re:  
'Mabyana a dilo, Le dirile ka  
go tlholla bo Mmaalona go  
beolwa! ”*

Go bua Moremogolo le Kgadi  
tsa kgomo fêla.

'SPITSKOPPE' (9)

*“Die rooibruin koei met die geelbek  
sê: Spitskoppe van goed, Julle het 'n  
fout gemaak deur jul moeders te verhin-  
der om hul hare te skeer.’ ”*

Slegs die senior en junior manlike  
bees dolosse 'praat'.

- 
- (1) *Makgolela, ke go re go newa mpho:* 'n geskenk.
  - (2) *Khunwana:* rooibruin koei.
  - (3) Al die dolosse 'loop' behalwe die junior vroulike dolos wat 'omgekeerd' is.
  - (4) *Selomi:* byter, iets wat maagkrampe gee.
  - (5) Almal 'loop' behalwe *Jaro* (junior manlik) wat boos is en sy 'asem inhou'.
  - (6) *Bokgatha:* om nuwe grond te braak.
  - (7) Die twee manlikes: 'trap' (loop); die twee vroulikes: is omgekeerd; *Modimo* is omgekeerd, 'slaap'. As *Modimo* in hierdie posisie is, is hy neutraal en beïnvloed nie die omstandighede nie.
  - (8) *bogara bo garatsa:* hierdie ineengestregelde probleem kan die *dingaka* nie oplos
  - (9) *Modimo* het 'die komberse gebind' en 'loop'. Die twee manlike dolosse 'het 'n mond vol'. Die twee vroulike dolosse 'loop', hulle is in opstand.

B.62

LEGWAME (1)

*"Se se ileng  
Ke moswela teledi."*

Ke gore: se se ileng, se ile. Ge e le kgomo, kgotsa motho, ga a kitla a bonala gope. O timetse ka bosena bokhutlo.

WILDEDRUIF (2)

*"Wat weg is, is weg."*

Dit beteken: Wat weg is het vir goed weggegaan. As dit 'n bees is, of 'n mens, sal dié nie weer gesien word nie. Hy is vir goed weg.

B.63

'MORERO O MOGOLO'

(Kgatla-ngaka Rustenburg distrik, 1962)

*"Tlhabana 'a kgomo  
Ya re Morero o mogolo,  
Wa Sedikwedikwe sa motse,  
Thetelego ke lebalelo."*

Ke gore: Ke tumellano ya morafe mo kgang ya tshiamo 'kgotsa' bosula.

'DIE GROOT SAAK' (3)

*"Die rooibruin koei met die  
geelbek  
sê die saak is groot  
binne die ommuring van die  
stat,  
omring soos die dwarslatte  
(van die hut)."*

Dit beteken: daar is ooreenstemming onder die stamlede met betrekking tot 'n saak, goed of kwaad.

B.64

'MORERWANA'

*"Sa morerwana ga se kgole,  
Sa Morerwana se mabulelong  
a ntlo,  
Go bua Kgatsane e mabala."*

Ke gore: Se re se batlang, kampo puo, ke e e tla beng e diregile kabosigo.

'KLEIN SAAK' (4)

*"Betreffende die klein saak is dit  
nie ver weg nie,  
Die klein saak s'n is by die opening  
van die deur van die huis.  
So sê die kleurryke Kgatsane  
(die 'junior vrou')."*

Dit beteken: Dit wat ons soek, of 'n saak wat bespreek word, sal môre vervul word.

B.65

'SELOMI SA MFYEFYANE'

Di re:  
*"Selomi sa Mfyefyane,  
Nku e tswa borwa  
E moitlho (6)  
Le letsôgô la yona le lengwe  
le mogapi wa yona o mogapa (7)  
le lebogo la gagwe le lengwe."*

'BYTER VAN MFYEFYANE'(5)

Hulle sê:  
*"Selomi van Mfyefyane:  
Die skaap kom van die suide met  
net een oog.  
Hy het ook net een voorpoot.  
Ook sy aanjaer het net een oog,  
en hy het net een arm."*

- 
- (1) *Legwame*: (Pl. 480) *Cyphostemma puberulum* (C.A.Sm.) Wild & Drummond.  
(2) Die senior manlike dolos het omgekeer. Die junior manlike dolos 'loop'. Die senior vroulike dolos 'het gewas' (loop). Die junior vroulike dolos is omgekeer. *Modimo* het 'die komberse gebind'. hy kyk na die weste.  
(3) Die senior manlike dolos het omgekeer. Al die ander, ook *Modimo* 'loop'.  
(4) Die twee manlike dolosse en die senior vrou en *Modimo* 'loop'. Die junior vrou is omgekeer.  
(5) Die junior man'hou die asem in'; die senior man is omgekeer. Die senior vrou is omgekeer; die junior vrou is in opstand (loop). *Modimo* het 'die komberse gebind' en kyk (loop) weswaarts.  
(6) *moitlho*: met net een oog.  
(7) *mogapa*: die tweede oog is uit.

**B.65**

Re tshwara bolwetse ka ditlhako.  
Re tshwara madi a a tlhofotseng  
go tlhopa ga ona.

*Selomi* (8) ke pheko ya bolwetsi  
bo bo thuntsang marapô a motho go  
ya dinameng le letlalo. Bogolo jang  
'dithoe' tsa mmele wa motho.

Ons 'vang' (diagnoseer) die siekte  
met die dolosse. Ons vang die bloed  
wat swak geword het deur dit uit te  
soek.

Die *Rhynchosia* plant is 'n krag-  
middel teen die siekte wat die bene  
laat pyn, en selfs die vlees en vel. Veral  
die ledemate van 'n mens.

---

(8) *Selomi*: (Pl. 558) pr. *Rhynchosia burkei* Benth.